

Jaargang 2019
ISSN 1018-0710

DOLOS

**Departement Afrikaans en Nederlands,
Duits en Frans, UV**



Die eerste praktykpaneel van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans



UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

Inhoudsopgawe

Departementele brief	3
Navorsingsgenoot (en nagraadse student) stel trefferboek bekend	4
Studentebedryghede	5
Jong, bekroonde digter, Lynthia Julius, skryf en leef met oorgawe in	
Afrikaans	5
Refleksie oor ervaringe op die Jongerenprojek-uitruilprogram	6
Certifikaat Nederlands als Vreemde Taal (CNaVT)	8
Gesellig Afrikaans	9
Praktykpaneel deel hul kennis	10
Boek bring hulde aan groot gees van Afrikaans	12
Populêre lesingreeks 2019	13
Kreatiewe MA-bydraes	15
Net nog 'n dag op Dealesville – Winton Windell	15
Vertalings – Robert Schall	23
Vlugtig – Adele Vorster	40
Laat vye – Charné Kemp	49



Departementele brief



Voor: H Pieterse, N Morgan, A van Niekerk, F Smit, C van den Berg

Agter: M Smit, I Meiring, M Pretorius, M Human-Nel, A Stander, P Bango, C Swart, T Strauss, C Ellis, A Barkhuizen, I Mostert, U Erasmus

Die bydraes vir *Dolos* word deur die departementshoof en die departementele sekretaresse geïntegreer uit die departementele nuusbrokkies soos ontvang van ons kollegas en studente. Kollegas is dus almal medeskrywers aan die dagboek van die departement. *Dolos* is die departementele nuustydskrif van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat waarin bydraes, kreatiewe stukke en navorsing van studente en kollegas en ook prestasies in en interessanthede oor Afrikaans aan die UV, gebundel word.

Geniet *Dolos 2019* wat, buiten vir lekker leesgenot, ten doel het om sommer ook die departementele geskiedenis vir die nageslag digitaal te bewaar!

Lekker lees!

Ida Meiring, Angelique van Niekerk en kollegas

dolos



Navorsingsgenoot (en nagraadse student) stel trefferboek bekend

Die bekroonde digter, Charl-Pierre Naudé, is reeds jare lank ’n navorsingsgenoot by die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans en het ook onlangs die M.A. in Kreatiewe Skryfkuns by die departement voltooi. In 2019 stel hy sy trefferboek *Die Ongelooflike Onskuld van Dirkie Verwey* bekend. Een van sy dosente in die MA-kursus, dr. Francois Smith beskryf die roman as ’n soort historiese toekomsfiksie.

Charl-Pierre vertel dat die boek al in 1985 beslag gekry het met ’n eerste konsep. Deur die jare het hy bly notas maak en baie van daardie notas het uiteindelik die basis vir die boek gevorm. Hy kry sy idees van ’n droomwêreld; uit die filosofie en kwantumfisika, maar maak terselfdertyd ook gebruik van baie beelde en metafore om gebeure en dinge te beskryf. Naudé erken dat die moeilikste ding van skryf vir hom is betekenismaking en om toe te laat dat “jou erfenis binne jou sing”.



Charl-Pierre Naudé op 31 Januarie 2019 met die bekendstelling van
Die ongelooftlike onskuld van Dirkie Verwey.



Studentebedrywighede

Jong, bekroonde digter, Lynthia Julius, skryf en leef met oorgawe in Afrikaans

Lynthia Julius, 'n boorling van Springbok in Namakwaland, het in Kimberley grootgeword as deel van 'n groot familie. Sy glo haar liefde vir digkuns het by haar ma ontstaan omdat sy altyd saans voor slaapyd vir die kinders gedigte voorgelees en stories vertel het. "Dit het 'n vlam vir letterkunde in my aangesteek wat geen mens ooit sal kan blus nie."

"Elke mens is verbind aan 'n ander deur taal. Dis 'n draer van kultuur, van tradisie, van erfenis. Jy dink in 'n taal, jy skryf in 'n taal, jy praat in 'n taal. Daarom is taal en woorde vir my spesiaal."

Sy koester groot drome vir haar skrywersloopbaan. Oor die toekoms van Afrikaans is Lynthia baie positief. "Selfs al maak ek my twee oë die dag toe, sal daar steeds 'n toekoms vir my taal en haar kunste wees. Die een ding wat ek opreg waardeer van my Afrikaanse mense – ons bevorder ons taal en ons vra nie een keer verskoning daarvoor nie. Die taal ontwikkel nog elke dag en al hoe meer mense raak verlief op Afrikaans se kunste."

In 2019 kry Lynthia onder andere ook die geleentheid om tydens die UV se eerste veeltalige mokete een van haar eie gedigte in Afrikaans voor te lees.



dolos



Refleksie oor ervaringe op die Jongerenprojek-uitruilprogram

Stefan Engelbrecht: Student (Nagraadse Diploma in Teologie, Universiteit van die Vrystaat)

Ongelooflik om te sit en terugdink oor bykans 'n maand se ervaringe, wat grens van kosbare oomblikke saam met gasouers wat ons vertel van hul liefde vir Koos du Plessis, Amanda Strydom en Soweto, tot verdwaal op fietse halfvyf die oggend in Leuven. Ek kan met oortuiging sê ek het alles beleef!

Die aankoms in Brussel, België, was die begin van die verwondering gewees, oor die nuwe interessante tuisland vir die volgende paar dae. Ek kan onthou hoe lank ek gestaar het na al die huise wat uniek en kleurvol langs mekaar ingeskuif was met ons aankoms in Gent. Die uitsig vanuit ons woning oor die Korenlei-plein en die Belfort middeleeuse toring, Sint-Baafskatedraal, en Oude Poskantoor met die toring op Korenmarkt kan nie in woorde vasgevang word nie.

Ons prentjie van België was binne die eerste paar dae mooi ingekleur deur klasse oor die geskiedenis, geografie, kultuur, kuns, en sosiale konteks van die lae lande aan die Universiteit van Gent. Ons het ook 'n sjokolade- en biertoer meegemaak wat ons 'n meer persoonlike indruk gegee het van die stad, sy geskiedenis en sy sosiale betrekkinge. Ons het die middeleeuse Gravensteen-kasteel besoek asook die katedrale en torings en plaaslike besienswaardighede. *Frites* was die eerste egte straatkos wat die meeste van ons beproef het, en die egte Belgiese sjokolade het swaar deurgeloop onder sommige van ons. Ek dink terug aan een aand wat ons op die Korenlei gesit het en saam ander Belge gesels het oor kultuurverskille tussen Suid-Afrika en België terwyl ons na mekaar se onderskeie musiek geluister het.

Ons het volgende vir 'n dag na Brussel vertrek voordat ons na ons onderskeie gasouers gegaan het in Leuven, Brugge en die omringende gebiede. Brussel, as vertrekpunt van die 2019 Tour de France, het ons met 'n drukte verwelkom met die massas toeriste en lewendige atmosfeer. Ons het die Vlaamse Parlement besoek, en onderweg deur die strate van die Smurfs en Kuifie "Tintin" se herkoms geleer.

Ek het daarna in Leuven by my eerste gasouerpaar gebly, wat my en 'n medestudent hartlik verwelkom het met hulle spontane gasvryheid en omgee. Een van die gasouers het 'n webtuiste begin genaamd Hartklop, wat 'n genootskap is met 'n gedeelde hart vir Suid-Afrika en vir die Afrikaanse taal. Die waardering vir Suid-Afrika en sy diverse kultuur wat Afrikaans as 'n vername moedertaal huisves, was duidelik in die harte van die mense. Ons het Leuven asook omringende gebiede van Heverlee met fietse verken en het onder andere, die Oude Markt asook die Grote Markt, Afrika Museum, Sint-Pieterskerk en die Katolieke Universiteit Leuven besoek. Pragtige groen bome, natuurparke en helder waterstrome was baie opmerklik gewees en die fietsrit was 'n wonderlike wyse om die plaaslike landskap te ervaar.

Ons het daarna na Hasselt vertrek, en hier het ons 'n moderne, studentestad ervaar, met strate ingekleur met besonderse muurkuns. Die Bokrijk-speeltuinen en opelugmuseum het vir groot pret onder ons studente gesorg, en ons het op 'n prettige wyse baie nuwe goed geleer oor die land en sy geskiedenis. Die aande saam met die gasouers was baie aangenaam en veel stories en grappe is oor en weer gedeel. Ons het ervaar hoe die afstand tussen ons land en die gaslande baie kleiner geword het soos die dae verbygegaan het en veel avontuur nog voorgelê het.



Den Haag was die ingangstad vir die Nederlandse gedeelte van ons reis, en die eens sonnig en warm weer is verruil vir reënbuie, maar dit het gou opgeklaar. Ons uitstappie het begin met 'n besoek aan die Tweede Kamer van die State Generaal, wat beslis 'n groot voorreg was. Die Letterkunde-museum het ons opnuut 'n waardering en besef gegee van hoe belangrik die koestering van 'n taal is. Den Haag Sentraal-treinstasie het ons die eerste ervaring gegee van reis met die publieke treinstelsel en ons groepleiers was so verlig as die laastes van die groep soggens aangesluit het voor ons vertrek het na die onderskeie dorpe vir die dag. Ons het deeglik kennis gemaak met "overstappen", metro-treine en tremme wat vir heelwat hardloop en oorkruispunte en oomblikke van verwarring gesorg het, maar dit was als deel van die ervaring. Den Haag was een van my gunsteling-stede om in te woon, en my gasouers het vir 'n baie spesiale belewenis gesorg by die kusgebied Scheveningen.

Die Universiteit van Leiden was die volgende besienswaardigheid voordat ons die dag afgesluit het met 'n rondleiding deur die Zuid-Afrikahuis in Amsterdam en 'n gesellige braai- en kuiergeleentheid. Rotterdam het ons 'n besondere blik van die moderne stadsargitektuur gegee. Die besoek aan die Pauluskerk het 'n indruk op baie van ons gelaat rondom die openbare nood wat steeds in die groot stede aanwesig is. Die Kinderdijk se molens was voorwaar 'n oulike ervaring gewees vir ons Suid-Afrikaners wat net waterbeperkings gewoon is. Amsterdam, oftewel die "twee nul", soos mense van Rotterdam daarna verwys het, was die volgende punt op die reis en ons moes op ons hoede wees vir massas fietsryers.

Om 'n musiekfees by te woon in Vondelpark, laat 'n mens werklik soos 'n inwoner van Amsterdam voel, en die werkwinkel aan die Bijlmerparkteater het ons energie getoets en ons in voeling gebring met die kreatiwiteit in die Nederlandse kunste. Die besoek aan die Universiteit van Amsterdam was intellektueel stimulerend en 'n gesprek rondom die huidige stand van Nederlands as akademiese taal het baie nuwe insigte rondom die erns van taal blootgelê. In die stad Amsterdam was kuns oral sigbaar, maar om Rembrandt en Vermeer se werke in die Rijksmuseum te sien is besonders. Die vaartog van Monnickendam na Amsterdam op die seilskip "Dankbaarheid" was uitsonderlik lekker gewees, en ons kon as groep werklik Nederland op 'n ander wyse verken terwyl ons heerlike Nederlandse kos en spontane samesyn ingeneem het.

Die laaste paar dae is deurgebring in Otterlo op 'n plaas, met veel diere en oop groen velde. Die rondleiding deur Kamp Amersfoort het weer eens die belang wat geskiedkundige terreine vervul, benadruk. Die fietsrit deur die Hoge Veluwe Nasionale Park het vir heelwat grappighede gesorg asook 'n pragtige uitsig op die landskap gebied. Die Kröller-Müller Museum se rondleiding het ons verbeeldings ingekleur met die werke van Van Gogh en ander bekroonde kunstenaars. Dit was baie kosbaar om die laaste paar aande saam te kon deurbring op die plaas en goeie herinneringe te deel en aande saam te gesels aan die groot etenstafel of langs die kampvuur. En so het 20 dae verbygevlug en moes ons ons tasse pak en huiswaarts keer, met baie speculaas, en kosbare herinneringe wat altyd in die hart vasgevang sal bly.

Die Jongerenprojek bied 'n kosbare geleentheid om werklik soveel van die kultuur van Nederland en Vlaandere in te neem en te beleef hoe die taalbande met Suid-Afrika baie nouer lê as wat jy voorheen gedink het. Dit kweek opnuut 'n waardering vir ons kulturele erfenis en is iets wat mens nie ten volle kan begryp as jy nog nie daar was nie.

Ek wil graag ook my dank uitspreek aan die bepaalde instansies wat die ervaring moontlik gemaak het: Die

dolos



Stichting Zuid-Afrikahuis Nederland, en die Vlaams-Zuid-Afrikaanse Cultuurstichting vir al die tyd en aandag wat spandeer is aan die organisering van die geleentheid, asook die ongelooflike geleentheid wat gebied word aan Suid-Afrikaanse studente. Verder bedank ek ook die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat vir die uitnodiging en finansiële steun asook die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging vir hul finansiële steun. Ek wil verder persoonlik dankie sê aan die volgende persone: Frank Judo, Tim Snel, Laura Engels, Bernard Slaa, Sophie van Putten-Velthuisen, Peter de Graaf en Lex de Jongh vir die reëlings en ongelooflike program wat vir ons voorberei is.



Certifikaat Nederlands als Vreemde Taal (CNaVT)

Vanjaar het nege studente weer eens ingeskryf vir die internasionaal erkende CNaVT- (Certifikaat Nederlands als Vreemde Taal) eksamen en dit suksesvol voltooi. Die eksamen word jaarliks in Mei by die UV afgelê.



Gesellig Afrikaans

In 2019 is die kortleerprogram, Gesellig Afrikaans, weer eens aangebied.



Baie geluk aan die studente wat die *Gesellig Afrikaans Taalaanleer*-kortleerprogram van die eerste semester van 2019 geslaag het! *Gesellig Afrikaans (GA)* word elke semester aangebied deur die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans. Daar is twee kursusse, GA1 vir beginners en vreemdetaalsprekers, en GA2, vir derdetaal- en vreemdetaalsprekers met 'n voorkennis van Afrikaans.

Op die foto is van links: Alison Stander, fasiliteerder van GA2, Liso Rashe, Makobane Mogashoa, Vladimir Azov en Tsaletseng Ntsekhe, wat die gevorderde kursus geslaag het, Ida Meiring, fasiliteerder van GA1, Karen Combrinck, kursus-administreerder, en Ana Luiza Silva wat GA1 voltooi het. Drew Kiser (GA1) verskyn nie op die foto nie, maar het ook die GA1-kursus geslaag.



Hierdie groep studente het in die tweede semester van 2019 met vlieënde vaandels geslaag in die taalaanleer-kortleerprogram *Gesellig Afrikaans*. Hulle is van links: Cebelihle Sokhela, Thobeka Cebekhulu, Jannik Eilts, Deniz Pacaci, Ibrahim Runge, Frederike Therkorn, Bart Wildeman en Katrina Kouveldt (voor). Mev. Ida Meiring (tweede van regs), is die fasiliteerder van *Gesellig Afrikaans 1*, die basiese kursus vir vreemdetaalsprekers wat glad nie Afrikaans ken nie, en mej. Alison Stander (heel regs) fasiliteer die *Gesellig Afrikaans 2*-kursus vir vreemde- en derdetaalsprekers wat hul kennis van Afrikaans wil uitbrei.

dolos



Praktykpaneel deel hul kennis

Honderd jaar nadat Afrikaans die eerste keer in 1919 as deel van die vak Nederlands aan die UV aangebied is, het die departement (die oudste Afrikaanse taaldepartement in Suid-Afrika) 'n praktykpaneel aangestel. Die paneel bestaan uit kundiges in die korporatiewe wêreld, te wete 'n advokaat, 'n onderwyser, 'n koerantredakteur en 'n uitgewer. Hulle het almal een ding gemeen, nl. hul talige onderbou en taalkwalifikasies en hulle beklemtoon deurgaans die noodsaaklikheid van taalonderrig en taalvaardigheid (ook in Afrikaans) in die beroepsektor.

Die praktykpaneel, onder wie adv. Henriëtte Murray, (senior advokaat en waarnemende regter van die Hooggeregshof in Bloemfontein), mnr. Gert Coetzee, redakteur van *Volksblad*, mev. Estelle Zwiegers, Afrikaans-onderwyseres aan die Hoërskool Fichardtpark (vakadviseur vir die Vrystaat vanaf 2020) en mev. Liezel Meintjes, uitvoerende bestuurder van SUN MeDIA Bloemfontein het op Vrydag, 4 Oktober 2019 senior studente en personeel van die departement ingelig oor die belangrikheid en relevansie van taal, taalvaardigheid en beroepseise ten opsigte van taal.

Die paneel is vir 'n termyn van drie jaar aangestel. "Ons sal die praktykpaneel jaarliks na die nagraadse ontmoeting met nuwe nagraadse studente nooi, asook na 'n jaarlikse afspraak met senior studente en personeel om saam te besin oor nuwe planne en geleenthede vir studente in die lig van praktykvereistes," sê prof. Angelique van Niekerk, departementshoof van Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, UV.

Die rol van taal in verskeie beroepsrigtings was die onderwerp van die bespreking, waartydens lede van die paneel die belangrikheid van taalvaardigheid beklemtoon het. Taalkennis en -vaardigheid vorm die wese van die regsberoep. "Taalvaardigheid is belangrik om woorde te verstaan wat nog nie in regstaal vervat is nie," het adv. Murray gesê. Sy het ook beklemtoon dat studente die nodige taalkennis moet bekom omdat die interpretasie van woorde mense se lewens onherroeplik kan beïnvloed. Aan die hand van voorbeelde uit die praktyk het sy ook gewys op die belang van die onderrig van taalstruktuur (sintaksis en morfologie).

Net soos taalvaardigheid belangrik is in die regsberoep is dit vanselfsprekend ook in die joernalistiek van groot belang. Mnr. Gert Coetzee, redakteur van *Volksblad*, het jare lange ondervinding in die koerantwese en beskou die vaardige "woordsmid" as 'n groot aanwinst om die waghondrol van die media te kan vervul met die boeiende aanbod van feite. Mev. Estelle Zwiegers, 'n Afrikaans-onderwyseres, het die belangrikheid van taalonderrig op skoolvlak benadruk en gesê goeie kennis en begrip van die manier waarop moedertaal vir kommunikasiedoeleindes gebruik word, is van groot nut vir leerders – ook op naskoolse vlak.

Met die aanstelling van hierdie praktykpaneel reageer die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans op kontekstuele veranderinge in die tersiêre onderwyssektor.





Foto: Die paneellede wat vir 'n termyn van drie jaar aangestel is, is van links: mnr. Gert Coetzee, adv. Henriëtte Murray, prof. Angelique van Niekerk (departementshoof), mevv. Liezel Meintjes en Estelle Zwiegers.

Oud-departementshoof word 70.

In Maart 2019 kon ons saam met die departement se oud-departementshoof, prof. H.P. van Coller sy 70ste verjaarsdag vier. Wat 'n voorreg!



dolos



Boek bring hulde aan groot gees van Afrikaans



Met die besonder omvattende publikasie *J.C. Steyn en Afrikaans – 'n viering* word hulde gebring aan 'n groot gees van die Afrikaanse akademiese wêreld. Hierdie boek, onder redaksie van proff. Angelique van Niekerk, Hennie van Coller en Bernard Odendaal, is onlangs by die UV bekendgestel en is 'n eerbetoon aan prof. Jaap Steyn, navorsingsgenoot en oudkollega aan die Universiteit van die Vrystaat (UV).

“Die publikasie bevat uiteenlopende bydraes en gee 'n omvattende oorsig van die verskillende tipes navorsing in Afrikaanse letterkunde en taalkunde” sê prof. Van Niekerk, departementshoof van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans by die UV. Die omvang van die bydraes is so wyd soos die invloed wat prof. Steyn op die Afrikaanse taallandskap het. “Van kreatiewe skryfwerk en biografieë, tot leksikografie en sosiolinguistiek word hierin aangespreek”, aldus prof. Van Niekerk.

Soos vermeld in die titel dien die publikasie ook as 'n viering van Afrikaans as taal en dissipline én dit dek die navorsingsgebiede waarin prof. Steyn self navorsing gepubliseer het.

Die publikasie, wat deur SUN MeDIA uitgegee word, is moontlik gemaak deur 'n finansiële skenking van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die boek is amptelik op Woensdag 16 Oktober 2019 aan die UV bekendgestel.

Meer oor prof. Jaap Steyn

Prof. Jaap Steyn is 'n gesoute digter, skrywer en een van die vooraanstaande Afrikaanse akademici in die land. Met meer as 100 artikels in vaktydskrifte agter sy naam dien prof. Steyn steeds as navorsingsgenoot in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans by die UV. Hy is ook die skrywer van onder meer taalpolitieke, taal- en kultuurhistoriese boeke soos *Tuiste in eie taal*, *Trouwe Afrikaners: Aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek* en die onlangse *Ons gaan 'n taal maak*. 'n Aantal veelbekroonde biografieë is deur Steyn geskryf en hy het ook prosa- en poësiwerke gepubliseer.



dolos

Prof. Steyn was verbonde aan verskeie universiteite in Suid-Afrika, onder andere die Universiteit van Johannesburg (destyds Randse Afrikaanse Universiteit), Nelson Mandela Universiteit (destyds Universiteit van Port Elizabeth) en ook die UV.



Foto: Van links proff. Henning Pieterse, Angelique van Niekerk; Jaap Steyn, Hennie van Coller en Bernard Odendaal na afloop van die boekbekendstelling op 16 Oktober 2019.

Foto: Rulanzen Martin

Populêre lesingreeks 2019

Gedurende 2019 het die populêre lesingreeks wat gereeld deur Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aangebied word van krag tot krag gegaan.

In Februarie het die bekende digter en medikus van Bloemfontein, dr. Gilbert Gibson, 'n lesing aangebied getiteld *Boeke op my rak*. Die lees en die noodwendige analise van boeke noop jou om simbole te maak sodat jy uit die blaaie iets kan interpreteer wat 'n waarheid vestig. Hierdie interpretasie kom egter teen koste en daardie koste is dikwels die volgende boek.

Gedurende Maart het die geleentheid die vorm aangeneem van 'n gesprek oor *Verbintenis en venster: die Nederlandstalige letterkunde van aanvang tot hede: 'n literatuurgeskiedenis in Afrikaans* (2019). Die redakteur van hierdie werk en voormalige hoof van die departement, prof. Hennie van Coller, was in gesprek met prof. Henning Pieterse.

Die volgende lesing het gehandel oor die *Queerteorie en die waarde van 'n skewe blik*. Dr. Francois Smith, skrywer en dosent by die departement het 'n diepgaande ondersoek na hierdie onderwerp gedoen. Hy het o.a. gekyk na Johann de Lange se dagboek *Gulp* en Eben Venter se roman *Groen soos die hemel daarbo* waarin die verskynsel *cruising* oftewel 'n rondwalery op soek na geleentheidseks, aan die bod kom. In hierdie werke kom die voortdurende soeke na anonieme seksontmoetings sterk aan die bod. Word dit net om die skokwaarde daarvan gedoen, of as 'n goedkoop manier om sensasie te wek? Die antwoord is die Queerteorie.

dolos



In Junie het Fourie Botha van Penguin Random House-uitgewers 'n informele gesprek oor die uitgewersbedryf en die publikasieproses gelei. In Julie het dr. Jan-Ad Stemmet, dosent, Departement Geskiedenis die gehoor geboei met 'n beknopte oorsig van spraakvryheid in die RSA. Dit titel van sy onderwerp was heel gepas: *Boerebuuste, skurwe lieste en die plesier van sensuur*.

Later in die jaar het dr. Anneke Lamont, senior lektor, Departement Musiek gepraat oor musiek as die *De Profundis* – die een wat uit die dieptes roep, skreeu en weergalm. Die metgesel wat die reisiger betower, ophef en inspireer, maar ook verniel, verinnuweer en verlei. Musiek – die geliefde en die onding. Sy het vertel van Arvo Pärt se verstaan van hierdie kuns. Die stem van een wat roep in die woestyn, die plek van stilte.



Dr. Anneke Lamont en prof. Henning Pieterse na afloop van die lesing wat sy aangebied het

Anton Roodt, welbekende argitek en doktrale student, Departement Argitektuur, UV het 'n lesing aangebied met die titel: *Brand maaif**die, brand – Romanskryf as 'n metode van ondersoek na die ontwerpproses in argitektuur*. Hy het vertel dat die Departement Argitektuur twee jaar gelede 'n praktykgebaseerde PhD-program vir argitekte ingestel het wat in wese ontwerpgebonde navorsing ten doel het. Dit behels dat as jy 'n portefeulje van geboue het, jy akademies daarvoor kan besin en dan kan kyk of jy 'n oorspronklike bydrae tot die ontwerpomgewing van die vakgebied kan maak. Dit gaan nie hier soseer oor goeie of slegte argitektuur nie, maar eerder of jy van die beliggaaemde kennis wat jy onbewustelik toepas wanneer jy ontwerp, kan opbagger. Dit wil sê dit is nie 'n studie oor argitektuur nie, maar *in* argitektuur.

Die agtste lesing in 2019 is aangebied deur Marc le Clerq, voormalige senior beleidsadviseur en waarnemende algemene sekretaris van die Nederlandse Taalunie, asook erelid van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek. Die onderwerp van sy lesing was "Hoe gaat het Nederlands om met varianten en variatie en wie bepaalt eigenlijk wat de standaardtaal is?" Hy het gekyk na Nederlands as 'n lewende en dinamiese taal, maar ook 'n taal wat in kontak kom met ander tale. Die Nederlandse woordeskat verander voortdurend en nuwe taalverskynsels kom voor. Die vraag word gevra hoe geduldig en verdraagsaam die standaardtaal teenoor hierdie verskynsels is.





Prof. Marc le Clerq saam met prof. Henning Pieterse na die populêre lesing wat prof. Le Clerq aangebied het.

Die jaar se reeks lesings is afgesluit deur prof. Naòmi Morgan, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en wat gepraat het oor *Notre-Dame de Paris: katedraal en historiese roman*. Op 15 April 2019 het die ondenkbare gebeur: die katedraal van Notre-Dame in Parys het begin brand. Dit was gepas om aan die einde van 2019 te kyk na die redes waarom die datum beskou word as 'n kulturele oordeelsdag. Daar is gekyk na enkele historiese gebeurtenisse wat met die katedraal geassosieer word. Prof. Morgan het ook aandag geskenk aan die historiese roman wat die katedraal wêreldwyd bekend gemaak het, Victor Hugo se *Notre-Dame de Paris*.

Kreatiewe MA-bydraes

Dr. Francois Smith

Hierdie verhale is geskryf deur 2019-inname vir die M-graad in *Kreatiewe Skryfkuns* en wel as deel van een van die twee kursusse wat studente in hul eerste studiejaar volg, naamlik *Literêre Stilistiek*. In hierdie kursus word studente blootgestel aan skryfegnieke en -beginsels en hulle kry die kans om dit te oefen aan die hand van 'n verhaal wat hulle volgens heel spesifieke vereistes moet skryf.

Net nog 'n dag op Dealesville – Winton Windell

Cecile sien die wit T-hemp wat gemaklik oor haar denimkortbroek hang, haar bruin hare in 'n poniestert. "Ek mis jou, Pappa," sê sy vir die meisie in die spieël en onthou dan haar droom van gisteraand.

In die droom sit sy op die bed in haar koshuiskamer. Teen die oorkantste muur is haar kamermaat se bed,

dolos



reeds ontruim. Net 'n gevlekte matras op die karkas van 'n staalbed. Sy staan op en loop na die lessenaar. Deur 'n laag stof sien sy woorde uitgekrap met 'n skerp voorwerp. *Never For get Dead Soul s* is diep gesny. 'n Splinter staan regop by die laaste s.

Sy draai om en kyk vas in haar pa se gesig. Sy gil geluidloos. Haar hand druk teen haar mond en kneus haar lippe teen haar voortande. "Pappa," fluister sy deur haar vingers.

Haar pa se hare hang vuil oor sy voorkop. Stukkies modder kleef in sy baard. Die geruite hemp wat sy vir hom een Vadersdag gegee het, is donkerbruin gevlek.

In daardie oomblik gly modder uit sy linkerhand. Dit spat oor sy verslete skoene en sy sien nog modderstrepe op die vloer tot by die deur. Sy kyk terug na haar pa en sien sy lippe probeer woorde vorm. Dit is onverstaanbaar. Sy wil hoor wat hy sê. Verstaan wat hy sê.

Dis wat sy van die droom kan onthou. "Ek mis jou, Pappa," sê sy weer aan die meisie in die spieël. Sy buk en tel die gemmerkat by haar voete op en loop na die sitkamer waar haar ma en mev. Pretorius by die eetkamertafel Rummikub speel.

Sy loop agter haar ma verby en gaan sit op die rusbank by die groot venster. Die gordyne is oopgetrek en die son voel warm in haar nek.

"Cecile gaan volgende jaar in die regte op Stellenbosch studeer," sê haar ma ingenome. Sy tel die Rummikub-teëltjies een vir een op.

Mev. Pretorius kyk gesteurd op, glimlag vir Cecile, sê niks en loer weer oor haar bril na die roomkleurige teëls met die blou, geel, rooi en swart nommers.

"Ag ma, lossit," sê Cecile. "Dis mos sommer niks nie." Sy kyk op van die kat wat begin wriemel en sien 'n spier in die hoek van haar ma se mond spring. Uit ondervinding weet Cecile sy het aan moeilikheid se deur geklop en moeilikheid gaan nou die deur oopmaak. Sy sug.

"Niks nie?" Haar ma tik met haar wysvinger op die tafel, beklemtoon so elke woord. "As jou pa jou nou moes hoor." Sy klik met haar tong en skuif haar lyf terug. "Mag hy in vrede rus," sê sy.

Cecile is lus om te huil. Hoekom sukkel haar ma altyd so met haar. Sy mis haar pa en nou sleep sy hom ook die gesprek in.

"Toe-toe," kom mev. Pretorius tot Cecile se redding. "Los die kind, ek dink dit is wonderlik dat sy 'n juris wil wees. Dit wys sy het ambisie," sê sy en pak drie blou nommer 10's op die glasblad, staan op en mik na die kombuis. "Cecile, kom help gou met die tee, dit is Miriam se middag af," versoek sy en sweef statig kombuis se kant toe.

Cecile se oë blits in haar ma se rigting. Sy kan nie wag om na Stellenbosch te ontsnap nie. Nog net vier weke. "Agt-en-twintig dae te lank," brom sy onderlangs.

"Wat mompel jy daar?" Haar ma se ken is uitdagend. Cecile kry lekker wanneer sy die sliert blond-verbleikte



hare wat agter haar ma se linker-oor losgekom het, sien. Dit wip elke keer wanneer sy haar kop heen en weer skud.

“Niks, ma,” sê Cecile en ontsnap agter mev. Pretorius die kombuis in.

In die kombuis is mev. Pretorius reeds besig om teekoppies met pienk blompatrone uit te pak. Uit die laai haal sy blinkgevyfde teelepels en rangskik elkeen op die piering, die steel gelyk met die oor van die koppie. Netjies, soos soldate op paradegrond. “Kry vir my die melk in die yskas, kindjie,” sê sy, “en dan bring jy vir ons die skinkbord binne toe.” Mev. Pretorius loop terug, gereed vir haar beurt om te speel.

Die ketel neem lank om te kook. Cecile gaan sit by die kombuistafel en strek haar bene voor haar uit. Sy kyk na haar sandale en dink aan die naweek saam met Frits.

Frits het die kombers op die gras uitgesprei terwyl sy oor die rivier gekyk het. Hy het haar hand vasgehou toe sy kruisbeen gaan sit het en daarna gehurk om haar sandale uit te trek. Sy hand het aan haar enkel geraak. “Gaan ons later swem?” het hy gevra en sy hemp uitgetrek. Hy het langs haar op die kombers kom lê en haar maag het gedraai.

“Daarsy, nou kan ons soos dassies in die son bak,” het hy gesê en sy oë toegemaak. Dit was haar kans om te loer na sy mooi gevormde arms, sy fris bolyf, die fyn haartjies by sy naeltjie. Sy wou nader aan hom sit, hom aanraak en soen.

“Wil jy gaan swem?” vra Frits weer. Net toe sy genoeg moed het om nader te skuif. “Of wil jy nog hier op die kombers sit?”

Dit is vir haar lekker om naby hom te wees. “Kom ons bly nog hier. Ek is nie nou lus vir nat word nie,” sê sy.

Frits spring op en pluk sy hemp aan. “Kom ons gaan haal my sussie in die huis dan kom swem ons,” besluit hy vir haar. Sy wil nog keer, maar hy is klaar op ‘n drafstap halfpad huis toe. Sy wens hy wou langer alleen by haar wees.

Die ketel fluit. Met ‘n sug staan sy op en gooi die kookwater op die teeblare in die teepot. Die silwer skinkbord is swaar wanneer sy dit optel. Versigtig loop sy die sitkamer in. Sy voel haar ma se oë op haar, maar hou aan kyk vir haar voete. Tree vir tree mik sy na die koffietafel. Sy wil seker maak sy mors niks nie.

Haar arms is lam. Die koppies ratel toe sy die skinkbord verlig neersit. Die melk in die melkbeker skommel en wil-wil oorloop. Sy hou haar asem op, wag gespanne vir haar ma se kritiese kommentaar. En toe kom dit.

“Versigtig, Cecile,” maan haar ma. “Onthou, eers ‘n klein bietjie melk in die koppie voor jy die tee skink.”

Jissis, sy gaan ‘n aap kraam! Hoeveel keer moes sy dít al in haar lewe hoor?

“Het jy nie eers ‘n skinkbordlappie onder die teegoed gesit nie?” vryf haar ma dit verder in.

Cecile is nou onseker. Berispe haar ma vir haar of vir mev. Pretorius? Sy besluit dit is teen haar gemik en gooi aspris eers tee en dan melk in die koppie. “Dè, hier’s die tee,” sê sy en sit die koppie hard langs haar ma neer. Tee mors in die piering.

dolos



“Cecilia van der Walt! Ek skaam my. Is dit hoe ek jou grootgemaak het?” Haar ma se wange is bloedrooi. Cecile sien hoe haar ma onderling die gasvrou se reaksie dophou.

“Jammer, Ma,” spoeg sy .

Haar ma neem mev. Pretorius se hand. “Ek vra om verskoning, mevrou-dominee,” kruip sy gat. “Dit is die allerlaaste ding wat ek wou hê. Dit is tog so onvroulik om u gasvryheid met sulke gedrag te bederf.” Sy los mev. Pretorius se hand en sluk versigtig aan haar tee. ‘n Druppel val terug in die piering. “Mens doen so baie vir die kinders vandag. Net verlede maand ‘n matriekafskeidrok, en voor dit ‘n splinternuwe nuwe selfoon.”

Haar ma lek die tee op haar bolip en draai na Cecile. “Vra dadelik om verskoning vir jou gedrag en gebrek aan maniere,” beveel sy. “As jou pa dít nou moes aanskou. Die skaamte,” voeg sy by.

Cecile is lus en spring op haar perdjie. Sy is lankal moeg vir die gereelde verwysings na haar pa se dood. Dit is mos nie my skuld nie, dink sy elke keer wanneer haar ma “as jou pa dit moes sien, of dat moes hoor,” uiter. Dit was tog sy wat ure by die koshuis moes wag vir haar pa. Kwaad was vir hom. Hoe moes sy weet hy gaan nooit weer vir enige iets opdaag nie?

Maar dan lui die voordeurklokkie.

Die onderbreking krap haar gat. Sy is lankal lus vir ‘n bekgeveg met haar ma. Die vrou se gewoontes irriteer haar en die droom oor haar pa het haar ontstel.

Mev. Pretorius skuif haar stoel agteruit en staan op. “Verskoon my, dames,” sê sy. Sy stryk haar rok plat, loop na die voordeur en maak dit oop.

Cecile rek haar nek om die deur te sien. Dit is ‘n vrou wie se lang grys hare skaars deur ‘n vuilpienk gehekelde mus bymekaar gehou word. Die rok is gehekel met dieselfde vuilpienk wol as die mus.

“Lenie, kom drink saam tee,” nooi mev. Pretorius die onverwagse besoeker binne. “Ons het pas ‘n vars pot laat trek.”

“Ek wil nie pla nie,” sê Lenie en loer nuuskierig oor mev. Pretorius se skouer. “Ek het gaan pos uithaal, maar sien nou jy het gaste.”

“Nonsens, jy ken vir Johanna en haar dogter Cecile,” sê mev. Pretorius en trek vir Lenie die vertrek binne.

Cecile sien hoe haar ma haar oë toeknyp. Sy ken hierdie gewoonte van haar ma goed. Rug styf. Oë toe. Diep asemhaal. ‘n Vulkan wat met ‘n deksel toegedruk word.

“Johanna, jy het mos al vir Lenie by die kerk ontmoet?” vra mev. Pretorius aan Cecile se ma. “Sy help gewoonlik om die tee te skink en die koppies na afloop van die oggenddiens te was.”

Sonder om op te staan steek Cecile se ma haar hand uit en groet. “Ja, ons ken mekaar. Middag, Lenie,” sê sy styf.

Haar ma ruik aan haar eie hand. Tannie Lenie het reeds in Cecile se rigting gedraai en mis haar ma se aaklige



gebaar. Sy spring op en gee 'n tree vorentoe. "Hallo, tannie," groet sy en gee haar 'n drukkie.

"My jinne, Cecile, jy word net mooier en mooier," sê tannie Lenie. Sy staan 'n tree terug en meet Cecile op en af met bewondering. "Die seuns by die skool dra seker jou tas net waar jy gaan."

Cecile raak aan haar nek. As dit maar net tas dra was. Seuns is baie meer voor op die wa as dit. Sy dink aan die foto's wat gereeld na haar foon gestuur word.

"Die kind is pas klaar met skool," kom haar ma tussenbeide. "Sy gaan volgende jaar B.Com. Regte op Stellenbosch studeer," sê haar ma vir die tweede keer in een middag en staan met 'n kreun op. "Dit beteken eintlik twee grade. Sy gaan eendag 'n advokaat word!"

Cecile is lus en kraam 'n aap. Wat is my ma so behep met my. Kritiek, spog, dan spog, dan weer kritiek.

"Aitsa, 'n slim kind," sê tannie Lenie. "Jy moet net jou studiejare ook geniet. 'n Balans tussen kuier en studeer is altyd goed." Sy kyk rond en soek 'n plek om die handvol koeverte wat sy saam ingebring het, neer te sit.

"Dankie, tannie Lenie, ek sal volgende jaar sien hoe dit daar is. Ek was nog nooit op Stellenbosch nie." Cecile kyk na haar ma wat nou met 'n rooi gesig en skrefiesoë na tannie Lenie gluur. Die vulkaan gaan nou ontplof.

"Luister hier, Lenie," sê haar ma en skud haar wysvinger in die rigting van die vrou met die pienk rok. "Sonder 'n graad kom jy nêrens in hierdie lewe nie." Sy kyk na mev. Pretorius vir ondersteuning. "Met 'n graad kan jy bo die plebs en sukkelaars van die samelewing uitstyg. Vir 'n graad moet 'n mens hard werk. Ek betaal nie vir *madam* om te gaan partytjie hou nie. Ek sal dit nie vir 'n oomblik toelaat nie!"

Cecile kyk na die vrou wat sy ma noem. "Wat dink ma van my?" vererg sy haar. Tyd om die perdjie weer nader te trek.

Haar ma ignoreer haar soos 'n stopstraat, tannie Lenie steeds die fokus van haar tirade.

"En, Lenie, wie dink jy is jy om hier in te wals en 'n opinie te kom lug oor studies en balans? Laas wat ek gekyk het, was jy koppies by die kerk en werk by die tuisnywerheid. Daarvoor het jy nie juis 'n graad nodig nie, nè?"

Cecile kyk geskok na haar ma. Die bitch is mal.

"Jy sal seker weet," kap tannie Lenie terug.

Cecile kyk na haar ma wat lyk of 'n emmer ys oor haar uitgegooi is. Die stilte is kortstondig.

"Ekskuus?" sê haar ma. Haar stemtoon is kil. "Wil jy sê ek is ongeletterd?"

Hoe kon dinge so vinnig ontspoor? As pappa hier was sou my ma nooit so opgetree het nie. Uiteindelik klim sy op die perdjie wat sedert haar pa se dood geduldig wag.

"Ma, asseblief. Hou op. Hou-net-fokken-op." Cecile is kwaad. Sy voel skaam oor haar ma. Kalmte is by die agterdeur uit. Die vloekwoord klink lekker op haar ore. Sy hoor hoe mev. Pretorius haar asem intrek. Het ek dit hardop gesê?

dolos



Sy sien hoe tannie Lenie op die naaste rusbank gaan sit. Die vuilpienk rok skuif oor haar knieë. Haar sykouse is geleer.

“Cecilia, gaan klim in die motor. Nôú. Da-de-lik,” dreig haar ma in lettergrepe en wys in die rigting van die voordeur.

Cecile sien vir die eerste keer die pleister om haar ma se vinger geplak. Hoe het sy dit misgekyk? Het haar mamma seergekry? Sy het amper simpatie, maar dit verdwyn dadelik wanneer Cecile tannie Lenie hoor kreun.

“Nee, ek gaan nie,” sê Cecile. Haar stem is hees. “Dit is Ma wat ongeskik is.”

Tannie Lenie gee weer ‘n kreun en waai haar gesig koel met een van die koeverte wat sy van die tafel opgetel het.

Cecile se ma ignoreer vir tannie Lenie en praat harder. “Solank jy onder my huis se dak is, sal jy doen wat ek sê.” Haar ma staan dan so vinnig op dat haar stoel agteroor val.

“Nee, Ma. Ek gaan nie,” sê sy beslis. Sy gee ‘n tree vorentoe, maar bedink haar. “Ry Ma solank. Ek kom later huis toe.”

Ma en dogter toets mekaar in stilte. Cecile kyk haar ma uitdagend aan. Dit voel soos iets uit ‘n fliek. Elke beweging, gedagte is in stadige aksie. Sy wag dat haar ma haar klap. Op haar gil. Enigiets.

Dan gryp haar ma haar handsak van die tafel, krap die uitgepakte Rummikub-teëls op die glasblad met opset deurmekaar en storm by die voordeur uit. By die tuinkekkie staan sy stil en ruk die hekkie met geweld oop. “Eina, f... vervlaks,” hoor sy haar ma uitroep toe die knip van die tuinkekkie die vinger met die pleister vasknyp.

Lékker, dink Cecile en draai terug die sitkamer in. “Ek is jammer, mev. Pretorius. Jammer vir my ma en veral jammer vir my swak taal en gedrag,” sê Cecile, haar blik verskonend op die gemmerkat wat onder die bank met die groot wit koevert speel.

Op die bank sit-lê tannie Lenie en probeer regop kom. Haar voete trap die pedale van ‘n onsigbare fiets. Dan sak sy weer terug.

Cecile se bene is lam. Sy gaan sit op die mat langs die gemmerkat. Tannie Lenie se koevert-waaiër het uit haar hand geval. Dit lê onder die bank. Op haar knieë strek Cecile haar arm en vat die koevert net-net raak. Voordat sy dit vir tannie Lenie gee, lees sy die woorde op die koevert:

Prof. Helena de Bruin

Fakulteit Regte

Privaatsak x1



Die adres is doodgetrek en iemand het skuins in blou ink geskryf:

Afgetree – Lenie de Bruin

Alkantweg 13

Dealesville

9348.

Cecile voel 'n koorsige kopseer aankom. Sy kan die klop-klop van die bloed hoor. Voor sy omval gaan sit sy langs tannie Lenie op die bank.

“Tannie Lenie?” fluister sy. “Was tannie ...”, haar stem raak weg. “Was tannie 'n prof by Maties?” probeer sy weer, al ken sy nou die antwoord.

“Ja, Cecile, ek was. Dit was 'n baie lang tyd gelede. Nog voor my ...” Sy bly stil en laat sak haar kop.

“My ma gaan lekker simpel voel,” sê Cecile. Sy glimlag half vir tannie Lenie. Dit sal haar ma leer om sonder feite mense te oordeel. Sy snork vir die gedagte.

Mev. Pretorius trek 'n stoel nader en gaan sit voor tannie Lenie en Cecile. “Voel jy beter, Lenie?” vra sy.

“Ek is doodreg,” sê tannie Lenie. Sy kyk na Cecile. “My gedagtes was seker nie heeltemal by jou ma nie.”

“Tannie hoef nie verskoning te maak nie. My ma het haar soos 'n buffel gedra,” stel Cecile haar gerus. “Ek het so baie vrae oor Stellenbosch en die swottings en wat tannie my alles nog kan vertel,” sê Cecile.

“Nee,” kom dit beslis van tannie Lenie. Cecile kyk verdwaas na tannie Lenie, dan na mev. Pretorius. “Ek kan nie oor daardie tyd in my lewe praat nie,” sê tannie Lenie en skuif aan die mus op haar kop.

Cecile voel afgehaal. Waarom kan tannie Lenie nie oor haar dae as prof praat nie? Sy besluit om niks te sê nie. Dalk wil tannie Lenie nie hê mev. Pretorius moet saam luister nie.

“Alles reg, tannie Lenie,” sê sy. “Ons kan altyd later in die vakansie gesels.”

Sy kan sien tannie Lenie luister nie. Sy praat met haarself en hou haar arms gekruis oor haar bors. Cecile buig vooroor en probeer hoor wat tannie Lenie sê.

“Ek hou die Priscilla nou al vir 'n rukkie soos 'n valk deur my venster dop,” sê tannie Lenie sag.

Cecile sit terug in die bank. Waddefok, wonder sy. Waarvan praat tannie Lenie nou?

“Dit is 'n witkruisarend. Donker met die mooiste wit V op haar rug. Elke oggend land sy met 'n geruis van

dolos



vere en vlerke op die sementwaterbak. Haar kop draai in die rondte, heeltyd besig om te soek vir gevaar. Dan druk sy haar geel bek in die water.”

Cecile kyk na mev. Pretorius. Huh? Wil sy hardop sê. Die wilde voël het ‘n naam? Weer besluit sy om stil te bly. Hierdie storie wil sy enduit hoor.

Tannie Lenie vertel verder, sonder om op te kyk. “Op my stoep! Dit gebeur nie sommer nie. Hulle verkies kranse, weg van mense af.” Lenie skuif terug in die bank. “Nou wonder ek, hoekom in die dorp, en hoekom nou juis my stoep?”

“Die voël was seker dors,” waag Cecile ‘n antwoord. Sy is stomgeslaan deur tannie Lenie se onverwagse verandering in onderwerp.

“Dors?” sê-vra tannie Lenie en maak ‘n geluid wat vir Cecile minagtend klink. Sy gaan voort om te vertel van die voël wat op haar stoep begin het om ‘n nes met takkies en skaapwol te maak.

“Vanoggend hou ek Priscilla van agter die gordyn in my slaapkamer dop, toe ons blik vir ‘n oomblik ontmoet,” sê tannie Lenie opgewonde. “Ek wou wegruk, bang sy sien my, maar kon nie beweeg nie. Priscilla het in daardie oomblik my gehipnotiseer. In haar oog kon ek die siel van ‘n mens sien. Sy het my erken. Ek as mens. Sy as voël. Maar tog ook mens.”

Cecile spring op van die bank en gaan staan langs mev. Pretorius wat nog steeds op die stoel sit. Tannie Lenie het verseker haar varkies verloor. Cecile skud haar kop. Hierdie dorp maak mense mal.

“Priscilla het vir my gesê dat ek die weg van God aan almal moet wys,” sê tannie Lenie en lig beide haar hande soos ‘n seënbede na bo.

“Dit is nou genoeg, Lenie!” sê mev. Pretorius en staan op.

“Maar daar is nog,” protesteer tannie Lenie. “Die woord moet verkondig word.”

“Nee, Lenie. Dit is genoeg.” Mev. Pretorius buk vooroor, vat aan tannie Lenie se arm en probeer haar optrek.

“Los my! Fokkit. Los my uit!” spoeg tannie Lenie en ruk haar arm weg. Die kleur van haar oë het nou-net verander, dink Cecile en gee ‘n tree agteruit. Tannie Lenie is next level waansinnig.

Mev. Pretorius neem die leë glas by tannie Lenie en trek haar hardhandig van die bank af. “Ek dink dit is tyd om halt te roep. Hierdie middag het sy loop geloop,” sê sy ferm. “Cecile, sal jy vir tannie Lenie asseblief na haar huis vergesel,” versoek sy.

Cecile neem tannie Lenie aan haar arm en loop saam met haar by die voordeur uit. Die deur klap toe.

“Is tannie okay?” vra Cecile en maak die tuinhekkies oop. Om seker te maak loer Cecile oor die heining na tannie Lenie se stoep. In ‘n geroeste voëlhok hang ‘n opgestopte papegaai onderstebo. ‘n Albasteroog swaai aan ‘n garingdraad.

“Donnerse Dealesville,” sê Cecile en kyk op na die potblou hemel. “Ek verlang na Pappa,” sê sy en vee die simpel trane met haar vingers weg.



Vertalings – Robert Schall

C. Louis Leipoldt Oom Gert vertel Ja, neef, wat kan ek, oumens, jou vertel? Jy wil die storie van ons sterfte hoor? Nou goed! Dis nooit te laat om daarvan nog Te leer en van gebruik te maak – veral Vir julle, jongling-mense. Hou maar vas Aan wat ons het, en staan orent, en neem Jul aandeel aan ons nasie! Maar jy kom By die verkeerde man; daar's baie ander Wat jou die storie goed agtermekaar, En met 'n les daarby, en meer begrip Van al die politiek ook, kan vertel As ek: ek weet maar uit my eie siel En kan maar grawe uit my eie hart, En dit is baie oud en amper dood – My hart, meen ek; en waarlik, as jyself Soveel reeds deurgemaak, soveel gely, Soveel geworstel, en soveel gesien het, Van wat jy liewers nooit gesien het nie, Dan was jou hart ook nie meer sonder kraak. Maar kom – wat kan ek nou vir jou vertel? 'n Lang geskied'nis is dit! – treurig ook, Want daar gaan snikke en trane deur, ou neef!	Ohm Gert erzählt Ja, Junge, was kann dir ein alter Mann erzählen? Du möchtest die Geschichte unsres Sterbens hören? Nun gut! Es ist ja nie zu spät, um noch aus ihr zu lernen und sie zu beherzigen – vor allem für euch junge Leute. Haltet ihr nur fest an dem, was wir besitzen, und steht aufrecht, und nehmt Anteil an unsrer Nation. Doch bist du hier beim falschen Mann; da gibt es viele andere, die dir die Geschichte besser, gut durchdacht, mit der Moral zum Schluss, auch mit mehr Einsicht in die ganze Politik, als ich erzählen können: ich weiß nur, was meine Seele kennt, und graben kann ich nur im eignen Herzen, und dieses ist sehr alt und fast schon tot – mein Herz, mein ich; und wahrlich, wenn du auch soviel schon durchgemacht, soviel gelitten, soviel gerungen, und soviel gesehen hättest, was Du lieber nie gesehen hättest, dann wäre auch dein Herz nicht mehr ganz ungebrochen. Aber komm – was kann ich dir erzählen? Recht lang ist die Geschichte! – traurig auch: sie ist durchtränkt mit Schluchzern und mit Tränen, alter Junge!
--	---

dolos



Wil jy dit aanhoor? Goed! Maar sit, man, sit! Ek kan jou nie vertel as jy bly staan nie. Sit daar. (En, Gerrie, gee hom wat te drink! En pa kan ook 'n slukkie koffie sluk.) Nou ja, jy weet, neef, toe ons mense hier Almal beteuterd deur die oorlog was, Het kakies op kommando hier ons dorp Beset en Martjie Louw geproklameer. Ou Smith, die magistraat – hy is 'n man Vir wie ek eerbied voel, al is hy Engels: Hy was tog altyd nog 'n egte heer En het met onse mense klaargekom; Maar hulle het hom soetjies afgesit En na Oos-Londen toe gestuur, omdat Hy nie na hulle pype vlot wou dans, En in sy plaas 'n kol'nel aangestel; Sy naam – nou Gerrie, wat was ook sy naam? Jones? Nee, kind, dit was maar sy offisier – Jy weet, die aap met strepies op sy mou. Ek het dit! Wilson was die vent se naam – 'n Dik, vet kêrel, met 'n grysgeel snor, En lang slagtrade, en rooi in die gesig; Die mense sê hy suip; maar ek het nooit Hom dronk gesien en wil ook nou nie meer Agter sy rug die man beskinder nie, Al was hy ook 'n deugniet – dit maak niks! Hy het ons onderdruk; sy hand was hard: Geen lig mag in die kamers brand; geen mens Mag buite op die straat gaan na agtuur; Orals het hy op ons spioen en selfs	Willst du sie hören? Also gut! Doch setz dich hin. – Mann, sitz! Ich kann doch nicht erzählen, wenn du stehst. Sitz da. (Ach, Gerrie, gib ihm Kaffee, und dein Vater kann dann auch ein Schlückchen trinken.) Nun ja, du weißt, als unsre Menschen hier vom Krieg so ganz verdattert waren, besetzte eine Khaki-Einheit unsre Stadt und proklamierte Marschall Loh. Der alte Smith, der Richter, ist ein Mann, den ich hoch achten kann, obwohl er englisch ist: er war doch stets ein Jentelman, und ist mit uns gut klargekommen. Aber man hat ihn in aller Stille abgesetzt und in Ost-London kaltgestellt – nur weil er nicht so flott nach ihrer Pfeife tanzen wollte. Er wurde dann durch diesen Oberst abgelöst; sein Name – Gerrie sag, wie hat der noch geheißen? Jones? Nein, mein Kind, Jones war sein Adjutant – du weißt, der Depp mit Streifen auf den Ärmeln. Jetzt hab ich's! Wilson hat der Kerl geheißen – so ein Fettsack: Schnauzer grau und gelb, die Schneidezähne lang, und rosige Visage; die Leute sagten, dass er säuft; doch ich hab ihn besoffen nie erlebt und will nun auch nicht mehr den Lumpen hintenrum noch schlechter machen als er eh schon war – egal! Er hat uns unterdrückt; mit harter Hand: kein Licht im Haus darf brennen; und kein Mensch darf auf die Straße gehen nach acht Uhr; er hat uns überwachen lassen und sogar
---	---



Ons huise deurgesnuffel om te sien
 Of ons miskien nie wapens het of kruit,
 Patrone, doppies of so iets; hy dag
 Ons het 'n heel boel kos byeengegaar
 Om vir die Boerkommando's af te gee.
 Ja, neef, sy hand was hard! (Hartlam, gee weer
 Die suikerpot! Twee klontjies is te min:
 Jy weet, pa drink sy koffie soet.)

En ons
 Was deur die war daarmee, half uit ons vel;
 En niemand van ons mense het geweet
 Wat môre of oormôre vir ons wag.
 Die dorp was vol gebrom, net soos 'n deeg
 Waardeur 'n mens die suurdeeg goed geknee
 het –
 Jy weet hoe rys die ding; nou net so ook
 Met onse mense! Maar wat kon ons maak?
 Die jongmense veral was baie steeks –
 Ons kon hul byna nie in toom meer hou nie –
 En twee van hul het sito omgesprong.
 (Hartlam, neef Klaas se koppie is weer leeg.)

Een aand kom Bennie Bêrends na my toe,
 En met hom Johnnie Hendriks, Saarl se seun.
 Hul het die straat so stil'tjies oorgesprong
 Die skildwag het hul nooit nie eens bespeur nie –
 Anders het ek en Saarl daarvan moet hoor
 En op die koop 'n boete nog betaal!
 Ou Saarl was altyd maats met my gewees;
 Maar hy het in dieselfde maand gesterwe
 Van kanker in die maag – die Heer se hand!

die Häuser durchgeschnüffelt, um zu sehen
 ob wir vielleicht nicht Waffen oder Sprengstoff
 hätten,
 Patronen, solcherlei; er glaubte auch,
 wir hätten Haufen Proviant gehortet,
 um den Buren auf Kommando auszuhelfen.
 Ja, junger Mann, mit harter Hand! (Mein Schatz,
 gib
 mir noch Zucker! Mir sind zwei Stückchen nicht
 genug:
 du weißt, dein Vater trinkt den Kaffee süß.)

Und wir,
 wir waren halb verwirrt dadurch, halb
 fassungslos;
 und niemand unter uns hat je gewusst,
 was uns am nächsten Tag erwarten würde.
 Die Stadt war stark am Gären, wie ein Teig,
 durch den man gründlich Sauerteig geknetet
 hat –
 du weißt, wie geht das Ding dann auf; so war es
 auch
 mit unsren Menschen! Doch – was kann man
 machen?
 Die jungen Männer waren widerspenstig –
 wir konnten sie noch kaum im Zaume halten –
 und zwei von ihnen sind auch wirklich
 durchgegangen.
 (Mein Schatz, da – seine Tasse ist schon wieder
 leer.)

Und eines Abends kommt zu mir dann Bennie
 Bêrends,
 und mit ihm Johnny Hendriks, Sarels Junge.
 Sie sind so stille durch die Stadt gehuscht,
 die Wache hat rein nichts bemerkt –
 sonst hätten ich und Sarel davon schnell gehört,
 und noch dazu ein Strafgeld zahlen müssen!
 Der alte Sarel war mein Freund gewesen;
 er ist denselben Monat noch gestorben,
 an Magenkrebs – des Herren Hand!

dolos



So het hy nie die dag oorleef nie. Maar
 Ek gaan te vinnig met die saak vooruit.
 Hier op my stoel het ek gesit; en daar
 Waar jy nou sit, het Bennie ook gesit.
 En Johnnie vlak naas hom. Ek sien hom nog –
 ‘n Opgeskote kêreltjie; nog nie
 Heel droog agter die ore was hy toe,
 Nogal astrant en snip’rig met sy mond,
 Die jaar nog aangeneem. (Gerrie, my kind,
 Haal tog die album!) – Hier is sy portret,
 En hier is Bennie syne; daar is die reël
 Wat sy oorlede ma geskrywe het,
 Die dag na ... na ... sy dood. Jy kan dit lees:
 My bril die pas nie mooi, en in die rook
 Kan ek so goed nie sien nie. Lees maar voor!
 “Barend Gerhardus Barends,” – reg! en nou?
 “Geboren op den zesden Mei,” – ja reg!
 “Ge...” – maak die boek maar toe: ek weet dit al!
 (Hartlam, kom neem dit weg! Wat staan jy daar
 Beteuterd soos ‘n kat? Kom, skink weer in!
 Ons het mos melk genoeg en suiker ook,
 En Martjie Louw is nou nie in die dorp!)
 Ja, Bennie was ‘n egte witmenskind –
 My peetseun - , en, ofskoon ekself dit sê,
 ‘n Regte mooi soort vroumens-kêreltjie,
 So paal-orent en met ‘n kaal gesig:
 ‘n Skeermes het hy glo nog nie gebruik nie.
 (Hartlam, gaan kyk, of Leentjie al die hout
 In die kombuis gebring het.)
 Ja, ou neef,
 Hy het na Gerrie hier gevry; en ek

So hat er diesen Tag nicht überlebt. Doch
 ich bin jetzt der Sache weit voraus.
 Auf meinem Stuhl hier habe ich gegessen; und
 da
 wo du jetzt sitzt, hat Bennie auch gegessen.
 Und Johnny neben ihm. Ich seh ihn noch –
 ein jungenhaftes Kerlchen; damals halt
 noch nicht ganz trocken hinter seinen Ohren;
 und ziemlich dreist, er konnte schnippisch sein,
 das Jahr erst konfirmiert. (Ach Gerrie, Kind,
 bring doch das Album!) – Das hier ist sein Bild,
 und hier ist Bennies; da steht auch der Satz,
 den seine Mutter selig noch geschrieben hat:
 am Tag ... am Tag nach seinem Tod. Lies du
 ihn vor: denn meine Brille passt nicht recht, und
 hier im Rauch
 kann ich nicht so gut sehen. Lies nur vor!
 „Barend Gerhardus Barends,“ recht! und nun?
 „Geboren op den zesden Mei,“ ja recht!
 „Ge ...“ – mach das Buch halt zu: ich weiß, ich
 weiß!
 (Schatz, leg das Album weg! Was stehst du da
 verdattert wie ‘ne Katze? Komm, schenk wieder
 ein!
 Wir haben Milch genug, und Zucker auch,
 und Marschall Loh ist aufgehoben in der Stadt!)
 Ja, Bennie war ein wirklich gutes Kind –
 mein Patensohn – und, mit Verlaub,
 ein richtig hübsches Kerlchen für die Mädels,
 so kerzengrade, sauberes Gesicht:
 rasieren brauchte er sich wohl noch nicht.
 (Mein Schatz, geh hin und schau, ob Lenchen
 schon
 das Ofenholz gebracht hat.)
 Ja, mein Junge,
 er war in Gerrie hier verliebt; und ich,



Was ook nie teen die saak, want Bennie was
‘n Uitgeknippte jongetjie vir haar.

Jy sien sy is nog nie goed oor die bult nie;
Maar ons moet almal oor die drumpel klim,
Al is dit ook so swaar ons hart moet breek!
En hartlam sal ook met ons Liewen-Heer
Se seën daaroor stap en haar smart vergeet,
Al gaan dit moeilik – maar dit moet tog gaan!
Maar as ons oor hom praat, dan pas dit tog
Dat ons haar eers die kamer uit sal stuur.
Nou goed! Waar was ek?

Ja, dié aand, toe hul
By my kom raad vra. Bennie had ‘n plan:
Hy wou met Johnnie weg na Witkransspruit –
Daar, so het hul verneem, was Smuts gelaer
Met sy kommando.

Ek was amper flou
Om dit te hoor. Ek het vir hulle vermaan –
Maar nee!

Ag, neef, ‘n jongmens is tog steeks!
En Ben was altyd koppig: selfs as kind
Het hy daar baiekeer om sla gekry!
En hul was vasbeslote om te gaan.
Ek het twee perde toe by my gehad –
Die kakies het dit nog nie afgeneem –
Ek weet nie waarom nie, maar ek kan sweer
My skuld was dit nie dat die diere nog
Daar in die tuin gestaan het; maar hul het!
Nonnie – my vrou en Gerrie haar ma – sy het

was sollte ich dagegen haben? Denn Bennie war
genau der Richtige für sie.

Du siehst, sie ist noch nicht ganz drüber weg;
wir müssen aber alle noch darüber kommen,
wenn es auch hart ist, und das Herz uns bricht!
Ach ja, mein Schatz wird es mit Gottes Segen
überwinden und auch ihren Schmerz vergessen,
obwohl es schwer ist – aber es muss sein!
Doch wenn wir ihn besprechen, ist es besser,
wenn wir sie vorher aus dem Zimmer schicken.
Nun gut! Wo war ich?

Ja, der Abend, als die zwei
zu mir um Rat gekommen waren. Es war Bennies
Plan:
er wollte weg mit Johnny, Richtung
Witkransspruit –
dort stand, das hatten sie erfahren, Smuts
und sein Kommando.

Ich fiel fast in Ohnmacht,
als ich das hörte. Und ich habe sie gewarnt –
Doch nein!

Mein Junge, ach, die Jugend ist so stur!
Und Bennie war schon immer störrisch: schon
als Kind
hat er deswegen öfter Prügel eingesteckt!
Die beiden waren fest entschlossen
wegzugehen.
Ich hatte damals noch bei mir zwei Pferde –
die Khakis hatten sie noch nicht beschlagnahmt
–
ich weiß auch nicht warum – aber ich kann
schwören,
es war nicht meine Schuld, dass die zwei Tiere
noch
in meinem Garten standen; doch da, da standen
sie!
Und Nonnie – meine Frau und Gerries Mutter –
ist

dolos



Dieselfde jaar gesterwe in Goudini
 Aan hartkwaal, want die oorlog het haar ook
 Gebreek in siel en liggaam – Nonnie ook
 Het meegewaarsku, maar dit was vergeefs!
 “Ons kan dit nie hier uithou nie, oom Gert:
 ‘n Mens moet tog iets vir sy nasie doen.”
 “Doen? Doen? Iets doen! Ag, wat kan julle
 doen?
 Wat kan ons algar doen?”

Maar tevergeefs.
 Nonnie het toe my knapsak volgeprop
 Met biltong en beskuit; en ek het self
 Die saalsakkies met hardgekookte eiers
 En ander padkos volgelaai – want hy
 Was tog my peetseun, en dan Johnnie ook
 Neef Saarl se seun – en Saarl en ek was maats!
 So kan geen mens my dit tog kwalik neem,
 Al was ek ook ‘n Britse onderdaan:
 Kan ek my eie vlees en been sien ly
 As ek nog kos het? Nee, neef, ek hou vas –
 En my gewete het my nooit gekwel nie!
 So, kort en goed, die twee is weg; en hoor,
 Dié môre was die heel gespuis om my!
 Die kol’nel, soos ‘n brommer, gons en gons
 En vloek en maak lawaai – maar ek staan pal.
 Ek kon mos nie gehelp het dat die perde
 Nog in die tuin gestaan het, en ek sê
 Dat dit sy skuld was, en nie myne nie;
 Maar van die biltong en beskuit en eiers
 Het ek hom toe maar liewers niks gesê nie.

Hoe ons die maande deurgelewe het?

dasselbe Jahr gestorben, in Goudini,
 am Herzen, denn auch ihr hat diese Sache Leib
 und Seele ruiniert – und Nonnie hat
 die beiden Jungen auch gewarnt, vergebens!
 „Wir halten es hier nicht mehr aus, Ohm Gert:
 man muss doch etwas tun für die Nation.“
 „Tun? Etwas tun? Ach, Jungs, was könnt ihr tun?
 Was bleibt uns allen hier zu tun?“

Vergebens.
 Nonnie hat meinen Rucksack vollgepackt,
 mit Biltong, Zwieback und so weiter;
 ich hab die Satteltaschen mit gekochten Eiern
 und solchem Proviant gefüllt – denn er
 war doch mein Patensohn, und Johnny, auch,
 war Sarels Sohn – und Sarel war mein Freund!
 Das kann mir also niemand übel nehmen,
 selbst mir als Untertan der Königin:
 kann ich mein eigen Fleisch und Blut denn leiden
 lassen,
 wenn ich noch Essen hab? Nein, Junge, das steht
 fest –
 und mein Gewissen hat mich nie geplagt!
 So, kurz und gut, die zwei sind weg; und – siehe
 da:
 frühmorgens wuselt das Geschmeiß um mich!
 Der Oberst, fette Hummel, summt und brummt,
 und tobt und flucht – ich aber bleibe stur.
 Was konnte ich denn tun, dass diese Pferde
 noch immer hier im Garten standen; und ich
 sagte
 es sei seine Schuld, nicht meine;
 doch Biltong, Zwieback und gekochte Eier
 ließ ich ihm gegenüber lieber unerwähnt.

Wie haben wir die Monate durchstanden?



Neef, vra my nie! Dié tyd is soos 'n wolk Wat oor ons hang, en nie net oor ons dorp nie, Maar oor ons land, die hele nasie oor! Op een dag kom die nuus ... (Wag, hier's sy weer. – Ag, hartlam, ja die hoenders van die stoep! Kyk daardie haan; hy krap die blomme uit!) Nou, eendag kom die nuus – ja, wat 'n skrik! Johnnie en Ben was albei vasgevang En in die tronk gestop. 'n Krygsgerig – Jy weet die res! En daarop weer 'n slag: Die vonnis was – hul altwee word gehang! Ons Liewen-Heertjie weet dit was 'n slag! Ons het ons bes gedoen, maar tevergeefs; Die vuilgoed skreeu om wraak – en hul moet hang! Dié more kom die hoofkonstabel sê: “Die kol'nel stuur sy komplimente!” God, Sy komplimente! – hoor! Het jy verstaan? Verstaan jy, neef? – sy komplimente! Nee! Bedaar, bedaar, my hart al kraak jy ook: Ons moet die drumpel oor, al breek ons dood! En, “Asseblief, wil ek op môre kom En sien hoedat rebelle getrakteer word, Anders” Die hoofkonstabel was 'n man; Hy het hom nie op sy gemak gevoel Toe hy die boodskap aan my oor moes bring nie; En ook die kakies, moet ek sê, was goed –	Mein Junge, frag mich nicht! Es war wie eine Wolke, die über allem hing, nicht nur der Stadt, auch über unsrem Land, der ganzen Nation! Dann, eines Tags: die Nachricht ... (Wart, da ist sie wieder. – Ach, Schatz, jage die Hühner aus dem Garten! Schau, dieser Hahn – er scharrt die Blumen aus!) Nun, eines Tages kommt die Nachricht – welch ein Schreck! Die beiden, Ben und Johnny, sind gefangen und im Gefängnis eingelocht. Ein Kriegsgericht – du kennst den Rest! Und dann, dann noch ein Schlag: Das Urteil – beide werden aufgehängt! Der liebe Gott weiß, welch ein Schlag! Wir taten, was wir konnten, doch vergebens; das Dreckszeug schrie um Rache – und sie mussten hängen! Und, an dem Morgen kommt der Hauptwachtmeister: „Der Oberst schickt mich, lässt schön grüßen!“ Gott! Er lässt schön grüßen! – hör! Hast du kapiert? Kapiert du, Junge? – schöne Grüße! Nein! Nur ruhig, ruhig, Herz, auch wenn du birst: Verwinden müssen wir's, und wenn es uns zerbricht! Und, „Bitte, will ich an dem Morgen kommen, und sehn, was man Rebellen hier serviert, wenn nicht“ Der Hauptwachtmeister war ein Mann; denn er hat sich in seiner Haut nicht wohl gefühlt, als er mir diese Botschaft bringen musste; und auch die Khakis, muss ich sagen, waren gut –
--	--

dolos



Maar hul moes tog hul plig doen; ek was bly
 Dat hul dit nie astant gedoen het nie.
 Die hoofkonstabel – Nichols was sy naam;
 Hy't later in die Vrystaat lood geëet
 En dit nie goed verteer nie – sê vir my
 Die anders het ook so 'n bevel gekry.
 En daar sou meer van ons die ... nou jy weet! –
 Daar in die tronk aanskou. Hy waarsku my
 Ek moet maar kom, al gaan dit bo my keel.

Dié nag het ek en Nonnie nie geslaap.

Ja, ek onthou nog goed: Die dag was koel –
 'n Mens vergeet mos so 'n dag nie gou nie!
 Met net 'n bietjie oostewind, half koud,
 Want Nonnie het daar sinkings van gekry –
 Sy het aan sinkings veel gely en kon
 Nooit koue goed verdra nie. Soos ek sê,
 Die dag was koel, en daarom was my jas
 Dig toegeknoop – jy weet ek hou daarvan
 My onderbaadjie te laat spog: vir wat
 Dra 'n mens 'n onderbaadjie as geen mens
 Dit sien nie? – Maar die weer was regtig fris,
 En daarom was my baadjie toegeknoop.
 En by die draai, daar onder by die meul,
 Het ek die anders almal vroeg ontmoet,
 Want, soos ek sê, ons algar was geroep.
 Die predikant was daar, en Albert Louw –
 Jy ken tog Skeeloo-Louw, neef Klaas? Nou ja!
 En Michiel Nel, en Gys van Zyl, en Piet –
 Maar Piet sal jy jou nie herinner nie,
 Want hy was voor jou tyd; hy was 'n vent

sie mussten aber ihre Pflicht doch tun; ich war
 bloß froh,
 dass sie sie nicht gemein erledigt haben.
 Der Hauptwachmeister – Nichols war sein Name;
 er hat danach im Freistaat Blei gefressen,
 und nicht so gut verdaut – er sagte mir,
 die andern würden auch auf diese Weise
 vorgeladen.
 So hätten mehr von uns sich die ... ach ja, du
 weißt! –
 da im Gefängnis anzuschauen. Und er warnte,
 ich käme besser – und sei's mir auch zuwider.

In dieser Nacht gab es für mich und Nonnie
 keinen Schlaf.

Ich weiß noch gut: Der Tag war kühl –
 ein Mensch vergisst so einen Tag nicht schnell!
 Ein bisschen Ostwind, kältlich, denn dabei
 hat Nonnie sich oft Rheumaschmerzen
 zugezogen –
 unter Rheumaschmerzen hat sie sehr gelitten,
 und konnte Kälte nie vertragen. Wie gesagt,
 der Tag war kühl, und meine Jacke war
 deswegen zugeknöpft – du weißt, ich prunke
 gern
 mit meiner Anzugweste: und warum
 soll man auch eine Anzugweste tragen, wenn
 kein Mensch
 sie sieht? – Das Wetter aber war tatsächlich
 kühl,
 und meine Jacke deshalb zugeknöpft.
 Und in der Kehre, unten bei der Mühle,
 hab ich die andern morgens früh getroffen,
 denn, wie gesagt, wir waren alle vorgeladen.
 Der Pastor war auch da, und Albert Louw –
 du kennst bestimmt den scheelen Louw? Nun ja!
 Und Michiel Nel, und Gys van Zyl, und Piet –
 an Piet wirst du dich kaum erinnern, denn
 das war vor deiner Zeit; er war ein Kerl,



So sterk soos Simson – arrie, hy was sterk!
 En net so steeks as ‘n skerpioen was hy!
 Maar koddig, neef, en ook ‘n grappiesmaker
 Selfs as die wolke donker was, en dof
 Die donder deur die wolke dreun. Nou ja,
 Ons algar het ons foute, en ek wil
 Dit nie vir Piet Spanspek so kwalik neem
 Dat hy nog altyddeur wou grappies maak
 Toe al ons anders mislik was en naar.
 “Die wind skeer glad, neef Gert,” het hy gesê;
 “Jy moet vir Ben jou oorjas leen: miskien
 Kry hy swaar weer daar boontoe!” En hy lag!
 Maar ek was bly die predikant was daar:
 Eerwaarde het hom op die plek berispe
 En mooi die kop gewas.

“Is dit ‘n tyd
 Vir pret, meneer van Ryn?” het hy gevra.
 “Foei, foei! Hoe kan u so iets waag vandag,
 As ons harte vol is, en ons oë
 Nog donkerdof met trane vir ons land?”
 (Hartlam, jaag tog die hoenders uit! Hul maak
 Die werf so vuil; ons kan ons selwers help.)
 Maar Piet Spanspek was weer nie op sy mond
 Geval nie, en hy het ook voortgegaan
 Met grappies maak, ofskoon ons niks van hom
 Gehoor het en ook nie geluister het nie.
 Ek dink hy was so mislik as ekself
 Maar wou nie dat dit opgemerk sou word nie.

Ons het die voorplein van die tronk betree,
 En dit was vol met kakies. By die poort

so stark wie Samson – Mensch, der Mann war
 stark!
 Und giftig wie ein Skorpion war er!
 Doch albern, Junge, und ein Possenreißer,
 selbst wenn der Himmel dunkel ist, und dumpf
 der Donner in den Wolken dröhnt. Nun ja,
 wir haben alle unsre Fehler, und ich will
 es Piet van Ryn nicht übel nehmen,
 dass er auch jetzt noch Späße machen wollte,
 wenn es uns anderen so elend ging.
 „Ein scharfes Lüftchen, Gert,” hat er gesagt,
 „du solltest Ben die Jacke leihen: denn vielleicht
 hat’s droben schlechtes Wetter!” Und er lacht!
 Und ich war froh, der Pastor war dabei:
 Ehrwürden hat ihn da sofort getadelt
 und schön den Kopf gewaschen.

„Ist das jetzt die Zeit
 für Witze, Herr van Ryn?“ hat er gefragt.
 „Wie können Sie so etwas heute wagen,
 wenn unsre Herzen schwer, und unsre Augen
 noch trüb vor Tränen sind für unser Land?“
 (Mein Schatz, jag doch die Hühner endlich weg!
 Sie machen Dreck im Hof; wir helfen uns hier
 selbst.)
 Piet aber war nicht auf den Mund gefallen,
 und hat das Späße machen nicht gelassen;
 wir haben aber weiter nichts gehört,
 und ihn danach nicht mehr beachtet.
 Ich glaub, ihm war genau so schlecht wie mir;
 er wollte nur, dass niemand etwas merkt.

So haben wir den Vorplatz des Gefängnisses
 betreten:
 voller Khakis. Und beim Tor

dolos



Het hul ons twee-twee toe laat binnekom.

Daar in die agterplaas, daar staan die galg,
En naas hom Ben en Johnnie, hand aan hand,
Want hul was nie geketting; en ons het
Verlof gekry om met hul te gaan praat,
Maar net vir vyf minute.

Ek was stom,

Geheel verbouereerd en sonder tong;
Maar Bennie het my by die hand gevat:
"Oom Gert, dis kant en klaar! Goeiendag, oom
Gert!

Sê vir tant Nonnie en vir Gerrie – nee
Sê liewers niks, want hulle sal verstaan."
En Johnnie, met 'n glimlag om sy mond,
Het ook my hand geskud: "Dag, Oom," sê hy.
"Nee, Oompie, moenie grens nie!" – soos ek sê,
Was Johnnie altyd half astrant gewees,
En snip'rig ook. – "Nee, Oompie, moenie grens!
Ons het ons plig gedoen, en nou's dit uit."

Toe het hul met die predikant gepraat;
En ek, as naaste bloedverwant van Ben,
Het met hom na die galg gegaan en daar ...
Nee neef, dis maar die rook! Ek word al oud,
En jou tabak is alte sterk vir my.
Ekself rook swak tabak: jy weet dit maak
My oë nie so seer nie.

Waar was ek?

Ja, toe het ons hul almal handgegee.
Geeneen van ons kon praat nie; Piet was stom

hat man uns, zwei und zwei, hereingelassen.
Und da im Hinterhof, da stand der Galgen,
und Ben und Johnny bei ihm, Hand in Hand,
sie waren nicht in Ketten; wir erhielten die
Erlaubnis mit ihnen zu sprechen.
Nur fünf Minuten!

Ich war stumm,
ganz benommen, meine Zunge wie gelähmt;
Doch Ben hat meine Hand ergriffen:
„Ohm Gert, es ist vorbei! Leb wohl, Ohm Gert!
Sag Tante Nonnie, und auch Gerrie – nein,
sag lieber nichts, sie werden doch verstehen.“
Auch John, mit einem Lächeln um den Mund,
hat mir die Hand geschüttelt: „Tag, Ohm Gert. –
Nein, Onkelchen, nicht heulen!“ – wie gesagt,
war Johnny immer etwas frech gewesen,
selbst schnippisch. – „Nein, mein Onkelchen,
nicht heulen!
Wir haben unsre Pflicht getan, und jetzt ist's
aus.“

Dann unterhielten sie sich mit dem Pastor;
Und ich, als Bennies engster Blutverwandter,
ging mit ihm zusammen bis zum Galgen, dort
Nein, Junge, das ist nur der Rauch! Ich werde alt,
dein Tabak ist für mich jetzt viel zu stark.
Du weißt: ich rauche schwachen Tabak, der
die Augen nicht so brennen lässt.

Ach, wo war ich?

Ja, alle haben ihnen noch einmal die Hand
gegeben.
Keiner von uns konnte sprechen; Piet war
stumm,



En net so naas ek; en een van ons –
 Ek weet nie wie nie – het ook hard gesnik.
 Die kakies het oor Bennie se gesig
 'n Sakdoek of 'n kopdoekie of iets
 Net soos 'n mus wil trek, maar Bennie vra –
 En nog op Engels ook: hy kon dit praat –
 Of hulle hom nie sonder dit kon hang nie.
 Die kol'nel knik; en toe

Nee, neef, laat staan!
 Wat vat jy weer my hand? Laat bly my hand!
 Vervlaks, hoe kan ek nou vir jou vertel
 As jy my somaar afbring van my rym?
 Blaas net jou rook uit na die ander kant:
 My oë is te oud vir jou tabak
 (En, hartlam, haal vir pa 'n sakdoek!)

Nou,
 Daar is nie meer nie. Ons het tuisgekom,
 En in die kamer hier het ons gekniel;
 'n Korte bidstond het die predikant
 Gehou vir ons – en daarna was dit uit.

Dié aand nog het neef Piet en Skeeloog-Louw
 Die dorp uit na die naaste plaas getrek
 En hulle by ons mense aangesluit.
 (Hartlam, gee weer vir pa die suikerpot,
 en skink dan nog 'n koppie vir neef Klaas!)

ihm war so schlecht wie mir; und einer von uns
 – ,
 ich weiß nicht, wer – hat auch laut geschluchzt.
 Die Khakis wollten über Bennies Kopf
 so eine Art von Kopftuch ziehen,
 wie eine Haube, aber Bennie fragte –
 sogar auf Englisch: er hat es gekonnt –
 ob sie ihn ohne Augenbinde hängen könnten.
 Der Oberst nickte; dann

Nein, Junge, lass!
 Was hältst du wieder meine Hand? Lass meine
 Hand!
 Verflixt, wie soll ich jetzt erzählen, wenn
 du mich den Faden so verlieren lässt?
 Blas deinen Rauch nur weg von mir:
 denn meine Augen halten ihn nicht aus.
 (Und Schatz, bring deinem Vater doch ein
 Taschentuch!)

Nun, das war's. Wir sind nach Haus gegangen,
 und haben in dem Zimmer hier geknielt;
 der Pastor hielt mit uns noch eine Andacht,
 nur kurz – dann war auch das vorbei.

Denselben Abend sind der scheele Louw
 und Piet schon aus der Stadt verschwunden,
 um sich unseren Kommandos anzuschließen.
 (Mein Schatz, dein Vater hätte gern noch Zucker,
 und schenk dem jungen Mann noch Kaffee ein!)

dolos



Robert Frost Home Burial He saw her from the bottom of the stairs Before she saw him. She was starting down, Looking back over her shoulder at some fear. She took a doubtful step and then undid it To raise herself and look again. He spoke Advancing toward her: 'What is it you see From up there always—for I want to know.' She turned and sank upon her skirts at that, And her face changed from terrified to dull. He said to gain time: 'What is it you see,' Mounting until she cowered under him. 'I will find out now—you must tell me, dear.' She, in her place, refused him any help With the least stiffening of her neck and silence. She let him look, sure that he wouldn't see, Blind creature; and awhile he didn't see. But at last he murmured, 'Oh,' and again, 'Oh.' 'What is it—what?' she said. 'Just that I see.' 'You don't,' she challenged. 'Tell me what it is.' 'The wonder is I didn't see at once. I never noticed it from here before.	Tuisbegrafnis Hy sien haar bo vanaf die trap se voet, voor sy hom sien. Toe sy wil afstap, kyk Sy om, oor haar skouer, na 'n vrees. Sy gee 'n weifelende tree, maar dan weer terug Om haar te lig en nog 'n keer te kyk. Hy sê Terwyl hy nader gaan: 'Wat is dit wat Jy altyd sien daar bo – want ek wil weet.' Dit laat haar omdraai, sy sak neer op haar rok, En haar gesig verander van beangs na dof. Hy sê, om tyd te wen: 'Wat is dit wat jy sien,' En hy klim op totdat sy onder hom ineenkrimp. 'Ek móét dit nou weet – sê vir my, my lief.' Sy, op haar plek, verseg om hom te help Met die geringste verstywing van haar nek en stilte. Sy laat hom kyk, oortuig dat hy dit nie sou sien nie, Die blinde skepsel; en 'n ruk lank sien hy dit ook nie. Maar ten laaste prewel hy net 'O,' en weer, 'O.' 'Wat is dit – wat?' sê sy. 'Net dat ek dit nou sien.' 'Jy sien dit nie,' en, uitdagend, 'sê my wat dit is.' 'Die wonder is dat ek dit nie onmiddellik Gesien het nie. Ek het dit nooit van hier opgemerk nie,
--	--



I must be wanted to it—that's the reason.
The little graveyard where my people are!
So small the window frames the whole of it.
Not so much larger than a bedroom, is it?
There are three stones of slate and one of
marble,
Broad-shouldered little slabs there in the
sunlight
On the sidehill. We haven't to mind those.
But I understand: it is not the stones,
But the child's mound—'

'Don't, don't, don't, don't,' she cried.

She withdrew shrinking from beneath his arm
That rested on the banister, and slid downstairs;
And turned on him with such a daunting look,
He said twice over before he knew himself:
'Can't a man speak of his own child he's lost?'

'Not you! Oh, where's my hat? Oh, I don't need
it!

I must get out of here. I must get air.
I don't know rightly whether any man can.'

'Amy! Don't go to someone else this time.
Listen to me. I won't come down the stairs.'
He sat and fixed his chin between his fists.
'There's something I should like to ask you, dear.'

'You don't know how to ask it.'

'Help me, then.'

Her fingers moved the latch for all reply.

Ek moet dit seker gewoonnd wees – dis die rede.
Die klein begraafplaas waar my mense lê!
So klein, die venster kan dit heeltemal omraam.
Nie so veel groter as 'n kamer nie, is dit?
Daar is drie leiklipstene, een van marmer,
Klein blaaië, breedgeskouer, in die sonlig
Teen die heuwel. Hulle hoef ons nie te traak nie,
Maar ek verstaan: dis nie die stene nie,
Maar die kind se hopenie – '

'Moenie, moenie,' roep sy.

Sy onttrek haar, krimpnd, van onder sy arm
Wat op die trapleuning rus, glip die treetjies af,
En swaai dan om met 'n blik so ysig
Dat hy twee maal sê, nog voor hy hom kan keer:
'Mag 'n man dan nie praat van sy eie kind se
dood?'

'Nie jy nie! O, waar is my hoed? Ag, los dit tog!
Ek moet weg hier, uit, dat ek kan asem kry.
Ek weet nie eens of enige man mag nie.'

'Amy! Moenie dié keer na iemand anders gaan
nie.

Luister na my. Ek sal nie afkom nie.'
Hy gaan sit en klem sy ken vas met sy vuiste.
'Daar's iets wat ek jou graag wil vra, my lief.'

'Jy weet nie hoe om dit te vra nie.'

'Help my dan.'

As antwoord lig haar vingers bloot die knip.

dolos



'My words are nearly always an offense.
 I don't know how to speak of anything
 So as to please you. But I might be taught
 I should suppose. I can't say I see how.
 A man must partly give up being a man
 With women-folk. We could have some
 arrangement
 By which I'd bind myself to keep hands off
 Anything special you're a-mind to name.
 Though I don't like such things 'twixt those that
 love.
 Two that don't love can't live together without
 them.
 But two that do can't live together with them.'
 She moved the latch a little. 'Don't—don't go.
 Don't carry it to someone else this time.
 Tell me about it if it's something human.
 Let me into your grief. I'm not so much
 Unlike other folks as your standing there
 Apart would make me out. Give me my chance.
 I do think, though, you overdo it a little.
 What was it brought you up to think it the thing
 To take your mother-loss of a first child
 So inconsolably—in the face of love.
 You'd think his memory might be satisfied—'

 'There you go sneering now!'

'I'm not, I'm not!
 You make me angry. I'll come down to you.
 God, what a woman! And it's come to this,

'My woorde gee amper altyd aanstoot.
 Ek weet nie hoe om enigiets te sê
 Wat jou sal geval nie. Ek sou miskien geleer kan
 word,
 Wil ek graag glo, maar hóé, kan ek nie sien nie.
 Deels moet 'n man van man-wees afsien
 Teenoor vroue. Ons sou kon ooreenkom

 Dat ek my hande af hou
 Van enigiets wat jy as spesiaal sien –
 Al hou ek nie van sulke goed tussen mense wat
 liefhet nie

 Twee wat nie liefhet nie, kan daarsonder nie
 saamleef nie,

 Maar twee wat liefhet, kan daarmée nie leef.
 Sy lig die knip 'n bietjie. 'Moenie – moenie gaan,
 en vat dit dié keer nie na iemand anders nie.
 Vertel my daarvan, as dit wel iets mensliks is,
 En laat my toe in jou smart. Ek verskil
 van ander nié so veel soos wat jy, eenkant
 daar, wil voorgee nie. Gee my 'n kans.
 Hoewel ek dink jy gaan 'n aks te ver.
 Wat laat jou dink dit deug om jou verlies
 As moeder van 'n eerste kind so heel
 Ontroosbaar te verduur – liefde ten spyt.
 'n Mens sou dink sy nagedagte is voldoende – '

 'Daar smaal jy weer!'

'Maar nee, glad nie!
 Jy maak my kwaad. Ek kom na jou toe af.
 God, wat 'n vrou! En dit het hierop uitgeloop,



A man can't speak of his own child that's dead.' 'You can't because you don't know how to speak. If you had any feelings, you that dug With your own hand—how could you? —his little grave; I saw you from that very window there, Making the gravel leap and leap in air, Leap up, like that, like that, and land so lightly And roll back down the mound beside the hole. I thought, Who is that man? I didn't know you. And I crept down the stairs and up the stairs To look again, and still your spade kept lifting. Then you came in. I heard your rumbling voice Out in the kitchen, and I don't know why, But I went near to see with my own eyes. You could sit there with the stains on your shoes Of the fresh earth from your own baby's grave And talk about your everyday concerns. You had stood the spade up against the wall Outside there in the entry, for I saw it.' 'I shall laugh the worst laugh I ever laughed. I'm cursed. God, if I don't believe I'm cursed.' 'I can repeat the very words you were saying: "Three foggy mornings and one rainy day Will rot the best birch fence a man can build." Think of it, talk like that at such a time! What had how long it takes a birch to rot To do with what was in the darkened parlor? You couldn't care! The nearest friends can go	'n Man mag oor sy kind wat dood is nie meer praat nie.' 'Jy mag nie want jy weet nie hoe nie. As jy Enige gevoel gehad het, jy, wat met Jou eie hande – hoe kon jy? – sy klein graf gegrawe het; Ek het gesien, vanaf dieselfde venster daar, Hoe jy die gruis laat spat het, ópspat in die lug, Net so laat ópspat, en laat land so lig En terugrol van die hoop af langs die gat. En terugrol van die hoop af langs die gat. Ek dog, Wie is dié man, ek ken hom nie. Ek het die trappe afgegrui, en teruggegrui Om weer te kyk, en steeds het jy jou graaf gelig. Toe kom jy in. Ek het jou stem hoor dreun, In die kombuis, en, hoekom weet ek nie, Maar toe beweeg ek nader om dit self te sien. Jy kon daar sit met vlekke op jou skoene Van die vars grond van jou kind se graf En babbel oor jou gewone bemoeienisse. Jy het die graaf daar teen die muur laat staan, Daar buite by die ingang, dit het ek gesien.' 'Ek sal die ergste lag lag wat ek ooit gelag het. Ek is vervloek. God, ek is inderdaad vervloek.' 'Ek kan presies herhaal wat jy gesê het: "Drie oggende met mis en een reëndag Laat selfs die beste berkeheining vrot wat 'n man kan bou." Dink net, om dié soort ding te sê op so 'n tyd! Wat het hoe lank dit berkehout vat om te vrot Te doen met wat daar in die skemer voorhuis was? Jy kon nie omgee nie! Die verste wat 'n vriend
---	---

dolos



With anyone to death, comes so far short
 They might as well not try to go at all.
 No, from the time when one is sick to death,
 One is alone, and he dies more alone.
 Friends make pretense of following to the grave,
 But before one is in it, their minds are turned
 And making the best of their way back to life
 And living people, and things they understand.
 But the world's evil. I won't have grief so
 If I can change it. Oh, I won't, I won't!

'There, you have said it all and you feel better.
 You won't go now. You're crying. Close the door.
 The heart's gone out of it: why keep it up.
 Amy! There's someone coming down the road!'

'You—oh, you think the talk is all. I must go—
 Somewhere out of this house. How can I make
 you—'

'If—you—do!' She was opening the door wider.
 'Where do you mean to go? First tell me that.
 I'll follow and bring you back by force. I will!—'

'n Ander na die dood kan begelei, skiet
 So te kort dat hy dit net so wel kan los.
 Vanaf die tyd dat iemand doodsiek is,
 Is hy alleen, en hy sal nóg eensamer sterf.
 'n Vriend kan trou tot in die graf beloof,
 Maar reeds voor jy daar lê, draai sy gemoed al
 om
 En hy berus hom by sy terugkeer na die lewe,
 Na dié wat leef, en goed wat hy verstaan.
 Boos is die wêreld. Ek sou minder rou
 As ek dit kon verander. O, ek kan nie, ek kan net
 nie!'

'Daar het jy dit nou als gesê en jy voel beter.
 Jy bly nou hier. Jy huil. Maak toe die deur.
 Die angel is nou uit: en waarom dan aanhou.
 Amy! Daar's iemand wat die straat afkom!'

'Jy – o, jy dink praat is als. Ek moet gaan –
 Êrens, uit, uit hierdie huis. Hoe kan ek maak dat
 jy – '

'As – jy – waag!' Sy maak die deur nog wyer oop.
 'Waar dink jy gaan jy heen? Vertel my eers.
 Ek sal jou volg en terugbring, met geweld. Ek
 sal! – '



Elisabeth Eybers

DIGTERES AS HUISVROU

Altyd 'n besem iewers teen 'n muur,
maaltye nooit op die gepaste uur.

Agendalose dae waardeur sy leeg,
hardnekkig en skaars doelbewus beweeg.

Strykgoed wat moedeloos oor 'n stoelrug hang,
gebare sonder afloop of aanvang.

Ou briewe onbeantwoord, deurmekaar,
papiere en pille in één laai opgegaar.

Dankbaar om haar in jou groot hart te strek
en tog verknog aan haar klein skulpomtrek.

O ordenende teëvoeter, wees
gewaarsku, stuur haar liewer na haar lees.
(uit: Einder, 1977)

SONNET

Nou het ek jou reeds aarselend lief soos mens
die onvoltooide dinge sku bemin;
jy is nog niks as droom, ekstase, wens,
'n lied wat ek nie duidelik kan versin.

Ek ken jou nie en kan jou skaars vermoed
maar dieper as die hamer van my hart
wentel jou ongeduld; ons deel één bloed
en, vreemd verenig, bly ons tog apart.

Wat sal dié dwase liefde later baat
as ek jou ken en tog nie langer het,
nie langer kan beskut teen alle kwaad

en alle teerheid langsaamaan verdwyn?
Die worsteling wat jou moet verlos is net
die aanvang van die skeiding en die pyn.

(uit: *Die vrou en ander verse*, 1945)

DICHTERIN ALS HAUSFRAU

Wo immer sie geht und steht, steht ein Besen
nicht weit,
Mahlzeiten niemals zu einer passenden Zeit.

Leeres Leben durch Tage ohne Termin,
hartnäckig und mit kaum ersichtlichem Sinn.

Bügelwäsche, die mutlos von Stuhlrücken hängt,
Geste, die nirgends hinführt oder anfängt.

Ein Wirrwarr alter Briefe, unbeantwortet,
Papiere und Pillen, die eine Pappschachtel
hortet.

Froh, dass sie von deinem großen Herzen weiß,
und hängt doch an ihrem kleinen
Schneckenhauskreis.

O ordnender Widerpart, bewahre dein Glück:
schicke sie lieber zu ihrem Leisten zurück.

SONETT

Nun hab ich dich schon zögernd lieb, so wie
man Unvollendetes scheu lieb gewinnt;
du bist noch nichts als Wunschtraum, Euphorie,
ein neues Lied, das noch nicht deutlich klingt.

Ich kenn dich nicht, kaum, dass ich dich vermute,
doch tiefer selbst als meines Herzens Schlag
pulst deine Ungeduld; in einem Blute
so seltsam eins, sind wir doch separat.

Was wird die eitle Liebe später nützen,
wenn ich dich kenne, aber nicht mehr habe
und dich nicht mehr vor allen Übeln schütze,

und langsam alle Zärtlichkeit zerrinnt?
Die Marterung, die dich gebiert, ist nur,
womit die Trennung, und der Schmerz, beginnt.

dolos



Vlugtig – Adele Vorster

Sy moes nie saam met haar ma na tannie Lettie se huis toe gekom het nie.

Cecile se een arm hang aan die toiletbak. Vetkolle is plek-plek op haar bruin denimbroek sigbaar en waar die pype teen haar enkels opgekruipt het, steek enkele swart beenhare uit. Dronkverdwaas kyk Cecile na die teël in die hoek: 'n fyn kraak verdwyn onder die toiletborsel in. Sy druk haar voorkop teen die koel blou vloerteëls.

Toe Cecile en haar ma vanmiddag voor tannie Lettie se huis stop, het sy vir 'n oomblik verward in die kar bly sit. Die Desemberson was nog warmer as gewoonlik en tannie Lettie se pienk, pers en blou dahlias het koponderstebo gehang. 'n Oranje vlaggie het voor die deur gewapper. Dit was asof alles en almal in die laaste drie maande vreemd geword het.

“Waddehel?” het haar ma gemompel toe hulle nader loop. 'n Stoflap was met duimdrukke onder aan die deur vasgemaak.

“Dis die katdeur, Ma,” het Cecile gesê. “Dit het seker gebreek.” Die lap was dieselfde pampoenkleur as Cecile se skoolrok. Haar gewese skoolrok. Maar dit was tog nie soos tannie Lettie om iets op so 'n manier reg te maak nie?

Haar ma het 'n snorkgeluid gemaak. “Liewe genade, maar kyk hoe vuil is daai lap!” het sy vies gesê. “Ek is baie lief vir Lettie, maar ek wens daai dierasie wil vrek en klaarkry. Ek is elke week vrot van die hooikoors as ek by die huis kom.” Haar ma het haar lippe getuit en spottend vir tannie Lettie nagemaak: “Kabousie is al wat ek het.”

Cecile het haar oë toegemaak en haarself gedwing om kalm te antwoord. “Sjuut, Ma, netnou hoor sy ons. Dis nie nodig om so ... katterig te wees nie.”

Toe die deur oopswaai, het Cecile en tannie Lettie eers daar gestaan en vir mekaar gekyk. Tannie Lettie het eerste beweeg, haar arms om Cecile gevou en haar 'n soen op haar kop gegee. Dit was die reuk van tannie Lettie se White Satin-parfuum wat Cecile se stram lyf vir 'n paar sekondes laat ontspan het. Hoe het sy nie die laaste drie maande hierna verlang nie!

Haar ma se lippe was twee verdroogde pruime toe sy met tannie Lettie praat. “Ja toe, Lettie. Moet ons nou hier op die drumpel bly staan? Jy en Cecile kan mos binne gesels.” Haar ma se stem was soos frostbite. Van wanneer af praat sy só met tannie Lettie?

“Ja, ja, natuurlik, Letitia.” Tannie Lettie het terug gestaan sodat Cecile en haar ma kon inloop. “Kom in. Maria het seker al die tee reg.”



Cecile het die vertroostende reuk van houtpolitoer en kaneel geruik. Mama Maria se melktert! Die vergeelde foto's teen die muur het haar nes altyd gegroet; een gesig vir elke tree wat sy gee.

Voordat sy soos die twee ouer vrouens by die laaste deur aan die regterkant indraai, gaan staan Cecile eers en kyk vir die kleurlose gesigte in die rame. Die wit en swart bewyse van verlore lewens. Sy wens sy kon haar herinneringe ook so laat verdof.

Tannie Lettie beduie vir Cecile se ma om by die eetkamertafel te gaan sit waar die Rummikub reeds opgestel is. Cecile sien die teestel met die silwer randjies is vandag uitgehaal. En die geborduurde lapservette. Tannie Lettie knipoog vir haar en vra dan: "Speel jy later saam, my kind? Jy wil seker eers vir Maria gaan groet. Shame, sy praat al heeloggend oor haar Moradi wat kom." Tannie Lettie beduie met haar kop kombuis se kant toe. "Sy het jou gunsteling gebak."

Cecile glimlag en knik. Terwyl sy agtertoe loop, hoor sy hoe haar ma vir tannie Lettie sis: "Jy weet hoe ek oor Maria voel, Lettie. Cecile met haar alewige 'Mama Maria dit' en 'Mama Maria dat'! So asof ek nie haar regte ... Ek is bly Marius het haar daai tyd die trekpas gegee."

Cecile luister nie verder nie. Mama Maria wag reeds vir haar op die kombuisdeur se drumpel. Dis duidelik dat sy elke woord gehoor het. "Hallo, Mama Maria." Sy trek haar vingers saggies oor die groewe langs die ouer vrou se mond en omhels haar dan. Hulle staan lank so voor Cecile weer praat. "Ag, Mama Maria, my fokken ma. Jy weet mos!"

Mama Maria trek haar asem kamstig geskok in. "Moradi, waar het jy so leer vloek?" Dan staan sy twee treë terug; kyk Cecile op en af. "Kind, ek was so bang jy kom nie vandag nie. Kyk hoe maer het jy geword, jy lyk dan skoon soos 'n toothpick! My lyf wou die laaste ruk niks slaap nie, want my kop weet nie of jy orraait is nie."

Cecile trek haar mond in 'n glimlag, sluk desperaat en hou haar stem lig: "Wat hoor ek van melktert?" Sy gaan sit by die kombuistafel en skop haar skoene uit. Sy wens haar voete wil in die lug skoppelmaai soos toe sy klein was. Hopelik word die melktert nie dik in haar keel nie. "Kom sit by my, Mama!"

Die ouer vrou lyk eers onseker. Dan lig sy die net op, haal die melktert uit en kom sit langs Cecile by die verweerde groen tafel. Kabousie kom kla by hulle voete en Cecile tel hom op haar skoot.

Cecile is besig om vir Mama Maria foto's van Stellenbosch op haar selfoon te wys toe daar drie keer hard aan die voordeur geklop word. Sy laat haar foon sak en luister gespanne. Kabousie vervies hom, spring af en verdwyn by die kombuisdeur uit.

Tannie Lettie roep uit die eetkamer: "Maria, wil jy nie gaan kyk wie is by die deur nie?"

dolos



Cecile loer vir Mama Maria, maar dié staan net doodluiters op en loop voordeur toe. Cecile voel benoud. Sy sien nie kans vir besoekers nie. Sy vlieg op, storm na die badkamer aan die stoep se kant en druk die deur toe. Sy gaan staan met haar rug teen die koel muur. Haar oë is toe soos sy luister.

Mama Maria praat met iemand op die stoep. “Charlie! Ek was bang jy kom nie meer nie.”

Charlie? Cecile kan nie onthou dat daar ’n Charlie op die dorp is nie.

Die besoeker is uitasem. “Skies, Maria, ek weet hoe belangrik vandag vir jou is. Ek moes net gou-gou Koöperasie toe gaan. Het raad by Hennie gaan vra.”

Cecile frons dieper. Mama Maria het niks gesê oor ’n kuiergas nie. En dit boonop ’n man!

Die besoeker stotter en hinkel aanvanklik, maar praat algaande vinniger. “Ken jy ’n witkruisarend, Maria? Vanoggend sien ek, daar het een, daar het wragtig een op die stoep van my huis begin nesmaak!”

Dit klink of Mama Maria vir Charlie in die rede wil val, maar dié vang net al hoe meer spoed. “Askies, ek weet ons het belangrike dinge om te doen. Hoor net eers hier! Hennie het aanvanklik gesê ek praat twak, maar toe wys ek vir hom die foto.”

Belangrike dinge om te doen? Cecile skud haar kop vies. Hoekom sou Mama Maria iemand oornooi as sy weet Cecile kom vandag hiernatoe?

Die Charlie-man stoomroller voort. “Die internet sê die mannetjies en wyfies lyk presies dieselfde, die wyfies is net bietjie groter! Nou wonder ek, hoe gaan ek weet of dit ’n mannetjie of wyfie in my dak is? Die ding, dit vat nogal aan my, Maria!” Dan raak die stem vir ’n sekonde stil en sê sagter: “Skies, ek het regtig nie vergeet nie. Is sy hier?”

“Ja, Charlie, sy is hier.” Daar is ’n toon in Mama Maria se stem wat Cecile nog nie voorheen gehoor het nie. Iets onheilspellends. Afgemete. Soos die Baptistekerk se klok. “Maar soos ek haar ken, kruip sy teen die tyd al in die badkamer weg.” Cecile skrik en hou haar asem op. Wat de hel?

Mama Maria klik haar tong. “Ai, my arme Moradi. Kom in, jong, laat ons maar loop kyk wat gebeur.” Die gangvloer kraak.

Cecile se gedagtes dwarrel. Kan dit wees? Sal Mama Maria wragtig ’n man oornooi om haar te kom ontmoet? Vir wat? Waar sou sy aan die Charlie kom? Cecile kan nie nou mans face nie. Sy kan nie.

Cecile gaan sit op die toilet. Sy kyk weer vir die gekraakte teël in die hoek. Dit was nie voorheen daar nie. Tannie Lettie se badkamervloer is vir haar net so bekend soos die koshuis se koue sementvloer. So ghrênd soos wat Oranje Meisieskool mag wees, is daar geen gekleurde teëls of toiletmatjies waarop mens kan opkrul nadat jy jou aandete opgegooi het nie.

Mama Maria se melkertert stoot in Cecile se keel op. Dit proe soos die oatspap uit haar laerskooldae. Haar ma



het haar elke oggend forseer om dit te eet, of die melk nou suur was of nie. Ja, dink sy moeg, hoeveel keer in haar lewe het sy nie al in toilethokkies weggekruip nie?

In Dealesville Laer se toilette was daar darem 'n Donald Duck bo die wasbakke geverf. Juffrou Ria kon mooi teken. Cecile snuif. Ou juffrou Ria Vermeulen met haar blerrrie blou skoene.

Juffrou Ria staan voor die bord en skryf somme neer. Alweer 'n helse klomp. Cecile hou niks van wiskunde nie. Vanoggend se oatspan kom sit in Cecile se mond, die melk proe suur. Juffrou het vandag weer haar blou skoene aan. Mieka, wat langs haar sit, sê haar ma sê vrouens wat blou skoene dra het issues. Cecile is nie seker wat issues is nie, dit klink dan nes tissues. En Cecile se ma sê 'n dame moet altyd tissues in haar handsak hê. Maar die regte woord daarvoor is eintlik sneesdoekies. Dalk is dit omdat jy dit gebruik om jou neus af te vee. Maar 'neus' spel jy anders as 'nees'. Cecile weet – sy kry altyd volpunte vir haar speltoetse.

Haar pa worry nie eintlik oor haar speltoetse nie. Hy sê net altyd: “Jy kan 'n woord se spelling in 'n woordeboek opkyk, maar 'n kop vir syfers – dís wat jou iewers in die lewe sal bring.”

Cecile weet nou nie eintlik wat haar pa daarmee bedoel nie. Sy weet hy is baie slim met somme, want hy help haar altyd met haar huiswerk. Maar al waarheen sy kop vir syfers hom gebring het, is tot hier in Dealesville. Sy was in die middel van Graad 1 toe haar pa ophou werk het by die groot grys gebou in Pretoria en hulle Dealesville toe getrek het. Nou sit haar Pa heeldag op die bank voor die TV en drink uit 'n bruin bottel en sy asem ruik sleg. Baie sleg.

Cecile se kop ruk op toe juffrou Ria hier langs haar praat. “Cecile, sit jy alweer en dagdroom?”

Wanneer het juffrou Ria se blou skoene dan hier langs haar tafel verskyn? “Ek is klaar met my somme, juffrou.”

“Klaar? Moenie vir my sê jy het alweer net die antwoorde neergeskryf nie.” Juffrou Ria gryp Cecile se boek. Haar donker oë raak klein soos wat sy kyk. “Hoeveel keer moet ek nou nog vir jou sê: jy moet die me-to-de wys!” Juffrou Ria rek die woorde lank en hard uit.

Cecile voel hoe haar binnekant skielik klop-klop maak. Haar maag voel weer snaaks. Haar pa sê daar is in wiskunde baie keer meer as een metode om by dieselfde antwoord uit te kom. Dit maak Cecile deurmekaar: wat maak dit saak watter metode jy gebruik as die antwoord dan elke keer dieselfde bly? Maar sy is te bang om dit vir juffrou Ria te vra. “Ek is jammer, juffrou,” sê sy sag.

Juffrou Ria sug. “Trek 'n streep deur hierdie nonsens en begin van voor af. En vir jou straf bly jy pouse in die klas.”

dolos



Dis nog 'n ding wat Cecile nie kan verstaan nie. Hoekom is dit 'n straf om pouse in die klas te bly? Maar al wat sy sê is: "Ja, juffrou. Jammer, juffrou". Sy probeer die waarheid afsluk. Die blou skoene aan die regterkant van die vloer maak tik-tik.

Die teëls is 'n blou spiraal voor Cecile se oë. Sy voel verraaï. Hoekom sal Mama Maria vir haar 'n man wil soek? Na alles wat sy deur is? En sy is mos anyway op pad Stellenbosch toe!

Cecile hoor hoe tannie Lettie in die eetkamer vir haar ma sê: "Letitia, jy onthou mos vir Charlie."

"Ja, ja natuurlik." Haar ma se stem is soos 'n glasbottel wat aan skerwe spat – en toe die vreemde stilte wat altyd na so iets volg.

Dis asof die vreemdeling sukkel om die woorde uit te kry. "Middag, tannie Letitia."

Dit klink nie of haar ma antwoord nie. Cecile se gedagtes hop soos hase in 'n kar se kopligte. Hoekom is haar ma so ongeskik? En wie is die Charlie? Daag hier op met 'n moerse harde klop soos 'n freakin FBI-agent en gaan dan aan soos 'n Duracell-bunny wat kort-kort vashaak. Het glo gekom om belangrike dinge te doen. Om haar te kom try vry of wat?

Cecile probeer haarself oorreed om op te staan. Komaan, banggat, jy kan nie vir die res van jou lewe mense vermy nie. Veral nie as jy blerriewil regte wil gaan swot nie! Jy moet nou maar uit jou grot kom en vir Charlie-ek-het-'n-arend-in-my-dak gaan ontmoet. Of hom eerder loop wegjaag. Al wil sy eintlik net op die toiletmatjie gaan lê en slaap.

Alles in haar is moeg. Slaap sonder nagmerries ken sy nie meer nie. Haar kop begin haar juis weer koggel. Flardes van Siembamba begin in Cecile se kop speel.

Mama se kindjie. Sy is drie jaar oud en op 'n swaai. Gooi hom in die sloot. Superman land langs haar swaai. "The eagle has landed!" roep 'n arend dramaties uit. Draai sy nek om. Superman stoot vir He-Man in 'n baby pram heen en weer. Cecile besef haar pa staan agter haar. Dis hy wat haar op die swaai stoot. Hy verander in 'n slang. Trap op sy kop. Dan is hy dood.

Cecile vee haar gesig met 'n stuk toiletpapier af. Sy hoor hoe haar ma, steeds in 'n ysblok-stem, sê: "Charlie, ek en Lettie is besig met ons weeklikse Rummikub. Jy kan seker op 'n ander tyd kom kuier?"

Tannie Lettie roep benoud agtertoe: "Maria, waar bly jy met die tee?"

Dalk is dit tannie Lettie se beangste stem. Dalk is dit die besoeker se hakkelende stem. Dalk is dit die vreemde toon wat sy in Mama Maria se stem gehoor het. Of dalk is dit haar ma se kilte wat in haar kop kom sit. Maar op daardie moment gee iets in Cecile mee.



Sy vlieg van die badkamervloer af op, pluk die deur oop en marsjeer kombuis toe. Mama Maria staan met 'n skinkbord in haar hande. Cecile gryp die skinkbord by haar. Die ouer vrou wil nog iets beduie, maar Cecile skud net haar kop driftig en draai om. Sy sal later uitvind wat Mama in die mou voer.

Terwyl sy die skinkbord eetkamer toe dra, voel haar binneste so hol soos 'n Halloweenpampoens. En diep in haar maag brand 'n vlam.

Haar ma is steeds aan die gang. "Nou ja, Lettie, jy en Charlie moet maar lekker tee drink. Ek gaan vir Cecile soek dat ons kan huis toe gaan." Haar ma kom vervaard om die hoek. Hulle loop in mekaar vas.

Water uit die teepot loop oor Cecile se hande. Rooi blertse slaan op haar vel uit, maar sy voel niks nie. Die skinkbord wil-wil al na die een kant toe oorhel.

"My magtig, Cecile, kyk waar jy loop!" Cecile soek vir 'n stukkie warmte in haar ma se gesig. 'n Tikkie besorgdheid. Die pruimlippe is steeds koraalpienk omlyn, die swart maskara en middernagblou oogskadu steeds perfek. Is daar nie dalk tog 'n blinkheid in haar oë te bespeur nie? Al wat haar ma egter sê is: "Gaan droog jouself af. Ons moet gaan."

Cecile kyk hoe twee van die koppies stadig omval. Stoom styg van die skinkbord af op. Sy voel hoe die vlam in haar maag by haar keel begin opkruip. "Ja, Ma. Goed, Ma. Reg, Ma." Fok jou, Ma.

"Wat gaan nou met jou aan, Cecile?"

"Niks, Ma. Absoluut niks." Sy kyk haar ma vas in die oë. Só lyk die vrou wat my groot gemaak het. Só lyk die vrou wat my – "Ek is fine. Moet asseblief tog nie oor my worry nie." Cecile stoot die skinkbord in haar Ma se bors vas. "Dè, vat. Gaan gee dit vir Mama Maria. Pasop tog net dat Ma nie Ma se hande vuil maak nie. Laat ek myne gaan was."

Cecile loop om haar ma. Sy mik eers om badkamer toe te gaan, maar hou dan verby. Die laaste ding wat sy sien is haar ma se gesig wat so bleek soos nuwe skoolsokkies lyk.

Onder die akkerboom voor Mama Maria se buitekamer, gaan hurk sy. Haar lyf ril in die skielike skadu. Hoekom het ek nie lankal my ma op haar plek gesit nie? Hoe lank wil ek nog die vrou laat wegkom met alles?

Kabousie is by haar voete. Sy raap sy lyfie op, druk haar gesig in sy gemmerpels. Hy verstyf eers, maar ontspan dan en begin haar skouer knie. Sy kyk afwesig na sy naels wat deur haar kakiegroen T-hemp druk. Sy sak teen die boomstam af; voel die growwe stewigheid daarvan teen haar rug. Los akkers steek haar in die boud, maar sy beweeg nie. Sy luister na Kabousie se spingeluide en voel die vibrasies daarvan deur haar lyf gaan. Toe sy haar oë toemaak, maak die donker rooi spatsels voor haar.

dolos



“Askies, Mama Maria het gesê ek moet vir jou die bring.” Kabousie spring uit Cecile se arms en draf om die hoek; sy stert is ’n uitroepteken teen die dalende middagson.

Cecile sien swart skoene voor haar. Donkerblou langbroek. Swart belt. Groot silwer buckle. Blou hemp. Kraag. Lapelle. Kort bruin hare. Karamel oë. Sy blaas haar asem uit.

Dit is ’n vrou!

Dit is ’n jong vrou wat voor haar staan. In ’n polisie-uniform. Cecile kyk haar verbaas aan. Maar dit kan tog nie ...?

Die vreemdeling kniel en gee vir haar ’n glas cream soda aan. Die koeldrank is koel teen Cecile se vingers. Sy besef nou eers haar hande brand.

Die vrou praat sag en haggelend. “Hi, ek is Charlie. Dit is lekker om jou, ek is so jammer, ek moes nie.” Sy raak stil en skuif langs Cecile in.

Kan dit waar wees? Dat hierdie vrou die Charlie is wat sy netnou hoor praat het?

Vir ’n lang ruk sit die twee vroue net so, met die bas van die boom teen hul rugholte en die skemerson wat al hoe rooier raak.

Cecile praat eerste. “Ek het gedink jy is ’n man.”

Charlie se snorklag klink soos ’n ballon wat afblaas. “Toemaar, ek hoor daai een baie.”

Cecile weet nie hoe om te reageer nie en soek na iets om te sê. “Jou uniform gaan vuil word.”

“Toemaar, Maria sal dit vir my was.” Toe Cecile frons, beduie Charlie voort. “Sy was een maal ’n week my wasgoed. Sy en tannie Lettie is baie goed vir my.”

“Hoe lank is jy al hier?”

“So twee maande” sê Charlie. “Ek moet erken die aanpassing is nogal erg. Ek het gedink die skuif platteland toe sal my goed doen. Mens sien sulke lelike goed in die stad, jy weet?”

“Ja, ek weet,” sê Cecile en dink: mens sien lelike goed op die platteland ook, Charlie. Jy was gelukkig nie hier toe ...

Charlie kug en gaan aan. “Maar die mense hier, ek dink nie hulle verstaan my nie.”

“Ja, jong, Dealesville se mense leef nog in die vorige eeu. Nee, ek jok, in die eeu vóór die vorige een.” Cecile



is verbaas oor hoe gemaklik sy met Charlie praat.

Charlie begin grinnik en Cecile lag saam. Hul oë vind mekaar. Cecile voel hoe haar gesig en wange rooi raak. Sy soek opnuut na iets om te sê. “Ek hou van jou hare.”

“Dankie. Jy is seker die enigste een op die dorp wat so dink. My styl is glo mannetjiesagtig.” Charlie se oë draai hemelwaarts. Hulle lag weer.

“Wel, tegnies is ek nie meer van hier nie,” sê Cecile. “Ek kuier net by my ma.” Om die waarheid te sê, sy wil so gou moontlik weggom van hier. Stellenbosch is nie ver genoeg nie. Die einde van die aarde ook nie.

“Ja, tannie Lettie het gesê jy kom maar min hiernatoe. Ek hoor jy is superslim en het ’n beurs gekry om regte te gaan swot? Ek was nog nooit op Stellenbosch nie.”

“Ek weet nou nie van superslim nie, maar ek is dankbaar vir die beurs. Ek was ook nog nooit op Stellenbosch nie.” Laat sy maar liever niks sê oor watse hel dit was om gedurende die eindeksamen op haar leerwerk te konsentreer nie. Die nagmerries, die paniekaanvalle, die terugflitse. “Ek hoop maar my matriekuitslae is nie te sleg nie.”

Dit lyk asof Charlie iets in haar gesig soek. Cecile se kop begin weer hardloop. Wat sien jy, Charlie? En hoekom is jy hier?

Charlie se bruin oë het lang wimpers en haar vel het hier en daar sonvlekke. “Ja, Maria het gesê jy is – julle is – deur ’n moeilike tyd na jou pa se dood. Sjoë, en dit net voor jou eindeksamen.” Charlie aarsel. “My pa is dood toe ek in Graad 11 was. Motorongeluk.”

Cecile kyk verbysterd na haar. Dan is dit asof daar ’n verligting oor haar kom. Asof die beklemming om haar hart ’n bietjie ligter raak. “So jy weet hoe dit voel?”

Charlie knik. “Dit was hel. Vir my en my ma.”

Cecile snuif minagtend. “Dit lyk nou nie juis of dit my ma pla nie, nè?”

Dit lyk eers of Charlie niks gaan sê nie, maar dan vra sy: “Sit ons nie almal maar ons maskers op as ons in die oggend by die deur uitloop nie?”

Cecile weet nie hoe om hierop te antwoord nie. Sy dink aan haar ma in die kombuis vanoggend, knielend besig om ’n taai kol op die vloer op te vee. Sy het nie geweet Cecile sien hoe sy opstaan en by die toonbank gaan sit met haar hand teen haar voorkop gestut nie. Die dag het na gebrande botter geruik.

“Miskien, ja,” sê sy vir Charlie. Haar kop ruk om toe Mama Maria agter hulle kug. Hoe lank staan sy al daar?

dolos



Mama Maria tree vorentoe uit die verblindende son en kom staan by hulle in die boom se koelte. “Moradi, ek het vir mevrou Lettie gesê sy moet vir Charlie laat kom as jy hier is. Julle twee, julle harte sal mekaar verstaan. Ek weet daai ding.”

Cecile kyk in Mama Maria se oë. Sy sien die plooi om haar mond vorm dieper groewe as drie maande terug en haar hare het nou meer sout as peper in. Die ouer vrou knip haar oë stadig.

Cecile is nie seker of sy reg verstaan nie. Wat wil Mama vir haar sê? Sy draai haar kop na Charlie toe. Charlie se bruin oë kyk sag na haar en sy knik vir Cecile.

Cecile voel hoe die angs weer van haar voete af opkruip boontoe. Hoe die naarheid weer in haar keel kom lê. Dreig om oor te loop. Siembamba. Mama se kindjie. Haar hart klop in haar ore. Gooi hom in die sloot. Fokus op jou asemhaling, sê sy desperaat vir haarself. Oor en oor. Maar hierdie keer wil dit nie werk nie. Trap op sy kop. Dan is hy dood.

Vir die tweede keer storm Cecile badkamer toe.

Iemand kom in en druk die badkamerdeur toe. Mama Maria se hand is koel op Cecile se nek. Sy druk Cecile se rugsak in haar hande. “Waar is jou pille, kind?”

Cecile gryp dankbaar na die blou en oranje sak, begin rondvoel. Sy vat die glas cream soda by Mama Maria en sluk twee wit pille.

Mama Maria gaan maak ’n waslap by die wasbak nat. “Moradi, jy moet nou sterk wees. Mama Maria weet haar kind kan nie langer met die ding loop nie.”

Cecile probeer verstaan wat sy sê, maar Mama Maria se stem bly buite haar ore vasslaan. Dan tref dit haar en sy sê benoud: “My ma, waar is my ma? Het sy gehoor toe ek –”

“Nee, sy en mevrou Lettie baklei nog dik stukke,” stel Mama Maria haar gerus. “Luister nou vir Mama Maria, asseblief Moradi. Jy moet laat Charlie vir jou help. Hierdie ding vreet jou binneste stuk vir stuk op.”

Mama Maria kom kniel by Cecile. Sy vee haar mond af. Dan haar gesig. Haar arms. Laaste haar nek. Cecile voel die koelheid teen haar vel. Soos toe sy klein was en Mama Maria haar gebad het. Soos daardie aand toe ...

Mama Maria plaas haar handpalm op Cecile se wang en praat weer. “Moradi, Mama Maria gaan hierdie duwweltjepad saam met jou loop. Tree vir tree. Modimo het vir my in ’n droom gewys laat Charlie vir jou die lig gaan bring.” Mama Maria vou nou beide haar hande om Cecile se gesig. “Vat daai lig, Moradi, vat vir hom by Charlie. Jy hoef nie langer jou ma te protect nie.”



Cecile se lyf bly ruk. “Ek verstaan nie, Mama? Wat sê jy vir my?” Water uit haar oë meng met water uit haar neus en streep saam met bolle spoeg teen haar keel af.

Mama Maria vryf oor Cecile se hare. “Ek sê vir jou jy moet laat Charlie vir jou na die station vat. Dan praat jy jou se praat tot jou praat klaar gepraat is. Jou pa, hy was ’n goeie man, Moradi, al het hy my gefire laat ek ander werk moes loop soek.” Mama Maria swyg net vir ’n oomblik. “Hy het nie ge-deserve om so ... Ek het mos gesien dat hy vir jou baie liefde in sy hart dra. Jou ma was ge-embarass dat jou pa nie die bottel wou los nie.”

Cecile se kop is ’n bol watte. Sy draai eers haar gesig na die ouer vrou toe en gaan lê dan op die vloer met haar kop in Mama Maria se skoot. “Ek kan mos nie my ma so verraaï nie.” Draai sy nek om. Gooi hom in die sloot. Here, kan hierdie beker nie maar by my verbygaan nie?

“Ek en Mevrouw Lettie, ons al twee dink die waarheid sal julle vrymaak. Dis ’n sware las om so ’n geheim te dra, Moradi. Vir jou en jou ma.”

Lug stoot hard by Cecile se neus uit. “Jirre, Mama, weet tannie Lettie dan?”

“Ja, kind, sy weet al van daai aand af. Ek en sy het saam met Charlie gepraat. Sy gaan vir jou help, Moradi, Charlie gaan vir jou mooi help.” Mama Maria snork effens. “Daai kind is miskien otherwise met haar mannetjiesstyl en haar arendpraatjies en what not. Maar haar hart klop reg in haar binneste.”

Mama Maria plaas weer haar hande, die vingers amper oktaafgrootte uitgesprei, teen Cecile se wang. “Loop saam met haar, Moradi, loop saam met Charlie Arend.”

En dan, net daar, met Mama Maria se fladdervingers wat ’n sagte melodie teen haar vel speel, spoel die golwe van onthou opnuut oor Cecile.

Dit is die eerste aand van die Septembervakansie. Die son het al begin sak. Alles is bloedrooi. Sy hardloop. Sy sien hoe haar tekkies die grond tref. Maar die klank daarvan is ’n nagedagte. Sy koes vir iets. Sonder om te registreer. Hardloop vinniger. Maak die tuinkekkie oop. Haar voete vind vanself die paadjie na Mama Maria se buitekamer.

Mama Maria vee haar met ’n waslap uit die waterskottel af. Die storie vat lank voor dit soos dik klonte by haar mond uitkom.

Bloed teen die skerp hoek van die kombuistoonbank. Bloed op die vloer wat om die skerwe van ’n bruin bierbottel poel. Bloed wat wyer en wyer om ’n kop uitkring. Haar ma wat net uitdrukkingloos daar staan. Haar pa se swart skoene wat onder die toonbank uitsteek.

dolos



Mama Maria druk kort-kort 'n emmer voor haar mond, vee kort-kort haar gesig en mond af.

Agterna het Cecile gehoop tannie Lettie het nie die tuinkekkie se gekla gehoor nie.

Vir die laaste keer vee Mama Maria Cecile se gesig en mond af. Vir die laaste keer staan Cecile van die badkamervloer af op. Sy en die gryskopvrou hou mekaar lank vas. Sy steek haar hand uit na die badkamerdeur se handvatsel. Staan vir 'n paar sekondes met haar hand in die lug gevries. Maak die deur oop. Loop kombuis toe. Hoor vaagweg hoe haar ma haar naam roep.

Charlie sit by die kombuistafel; 'n halfgeëte stuk melktert voor haar.

“Konstabel,” sê Cecile formeel en blaas haar asem stadig uit, “sal jy omgee om my polisiestasie toe te neem? Ek wil 'n verklaring gaan aflê.”

Soos iemand wat net vir hierdie woorde gewag het; knik Charlie, staan op en neem Cecile se hand.

Hulle loop by die agterdeur uit. Om die huis. In die tuinpaadjie af. Cecile sien uit die hoek van haar oog die oranje stoflap wapper.

Dan dring tot haar deur. Dit was 'n witkruisarend waarvoor sy daardie September-aand gekoes het.

Laat vye – Charné Kemp

Vandag is 'n groot fokop. Van die rusie vanoggend, tannie Ans se brief, die vreemde man, en toe, die helse skok. Alles, maar alles het verkeerd geloop. Hier waar Cecile in die vyeboom sit, voel sy de moer in, hartseer, moeg. En van voor af weer moerig. Alles gelyk.

Sy was niks lus vir vandag se afspraak met die tannie nie. Maar sy wou uit die huis kom, want sy en haar ma sou mekaar wragtag te lyf gegaan het as hulle nog 'n sekonde langer in mekaar se geselskap sou wees. Tannie Ans kon hulle twee altyd kalmeer. Cecile moes seker maar kom hallo sê nadat sy haar laaste matriekvraestel in Bloemfontein geskryf het.

Sy leun teen die boomstam terug en kreun toe 'n takkie haar ribbes byna deurboor. 'n Hadedag gil êrens. Die torre wat gulsig oor die vrot vye zoem maak Cecile naar. Sy vee oor haar neus en staar na die blink streep op haar hand. Vryf dit vies teen haar T-hemp



af.

Sy gooi haar kop agteroor en knyp haar oë toe.

Verblindende soutpanne en warmwaterfonteine omvou Dealesville, 'n gehug wat eens die plaas Klipfontein van ene John Henry Deale was. Sedert Deale se heengaan het daar min Engels in dié deel van die westelike Vrystaat oorgebly. Klippe is nog mildelik tussen geboomtes en bosse oor die vlaktes en weivelde gestrooi. Onder die hemelruim strek landerye hunkerend onder die dik wolke uit.

Die NG Kerk se triomfantelike toring dien van veraf al as 'n baken vir reisigers op die teerpaaie tussen Boshof, Hertzogville en Bloemfontein. Neffens Dealesville wapper kleurvolle wasgoed aan draadheidings by nederige huisies waar donkies al kouend na verbygangers tuur. Die twee teerpaaie hou voorbidding by die drierigtingkruising in die middel van die dorp. Huise en besighede is op hopies in die strate om die kruising neergesit. Boere in enkelstewels, kortbroeke en tweekleurhemde lig hul hoede wanneer hulle dorpenaars op straat, in winkels of die bank groet.

'n Hanetree of meer van die kerkoring kronkel Meyerstraat aan die rand van die dorp. By een van die gepleisterde huise, die een waar 'n doringboom oor die stoepdak hang, sit 'n hadeda op die groen sinkdak en stryk stadig oor sy vere. 'n Silwer ysterhekkie hang aan die pilare van die grensmuur, van waar die leiklippaadjie onder die doringboomtakke deur die voortuin na die stoeptrappe lei. Twee plantpote hou wag by die voordeur; die geel blomme daarin roer effentjies in die bries. 'n Netjies geklede middeljarige vrou in 'n broekpak en hoëhaksandale staan op die stoep. 'n Handsak hang oor haar arm. Sy bekyk die jong meisie wat voor haar trippel en skud dan haar kop. Die meisie, geklee in 'n wit T-hemp, verbleikte kortbroek en plat sandale, se poniestert wip. Sy knyp 'n boek onder haar arm vas en reik met haar hand na die voordeur.

Cecile klop hard aan die voordeur, en die gehamer laat haar hoofpyn vererger. Die kuier moet tog net vinnig verby gaan. Toe tannie Ans die deur dadelik oopmaak, struikel Cecile omtrent van die skrik. Sy gryp in die lug om te keer dat die boek op haar tone val. Toe sy opkom, vat tannie Ans haar gesig weerskante vas, kyk in haar oë en soen haar op elke wang. Hoe ouer Cecile word, hoe meer irriteer die soenery haar, veral vandag.

“Hoe gaan dit my kind? Ek kan nie glo jy is klaar met skool nie, Cielie, jy is nou 'n grootmens, ag, wat praat ek, kom in. Hallo Suzaan.”

“Hallo, tannie,” groet Cecile gedemp.

Tannie Ans kyk vlugtig na haar. Dan druk tannie Ans en haar ma mekaar vas.

“Hallo, Ans, hoe gaan dit? Ek sien regtig uit na 'n koppie sterk tee vandag.”

dolos



Tannie Ans lig haar wenkbrou, maar draai dan om. Cecile staan opsy toe die ouer vroue voor haar by die huis inloop, en blaas haar asem stadig uit.

Sy en haar ma volg die tannie deur die voorportaal en draai regs in die oopplanvertrek. Regs van hulle staan die sitkamerbanke en dominee se spesiale stoel by 'n koffietafel. Hulle loop links verby na die eetkamertafel waar die teepot en koppies wag. Oorlede oom Gert, wie se portret in die ingangsportaal hang, het lank gelede die mure tussen die sitkamer, eetkamer en kombuis uitgebreek. Cecile kyk deur die oopplanvertrek na die kombuis en ruik tannie Ans se vvestroop en konfyt.

Eers toe die ouer vroue by die eetkamertafel gaan sit en Cecile op die leunstoel in die hoek van eetkamer inkruip, voel sy effe beter. Die windjie wat deur die venster en geblomde gordyn op haar waai, koel haar af.

Die boek lê op haar skoot. Sy het haar sandale op die los mat langs die stoel neergegooi. Haar oë boor in haar ma wat voor haar sit se rug. Tannie Ans sit oorkant haar ma by die tafel en frons oor die Rummikub-teëltjies.

Haar ma se lang naels tik, tik, tik op die tafel. Cecile ken haar ma nie sonder dié blinkrooi naels nie. Dis perfek geverf en altyd skerp gevyl. Net so skerp soos die lemmetjies in haar tong.

Tik. Pouse. Tik. Tik.

Cecile vryf hard aan haar slape. Elke tikgeluid voel soos hamers teen haar kop. Haar ma hou vir 'n oomblik op met tik, naels in die lug, en skuif die Rummikub-teëls wat voor haar uitgepak is. Agter tannie Ans het die lang wyser nog minute gesteel. Flip, kan die tyd nie maar nog vinniger omgaan nie? Cecile raak opgetêns, sy wil uit. Veld toe gaan en die brief wat in die boek weggesteek is, weer lees en planne beraam.

Toe haar ma afkyk, glimlag tannie Ans vinnig vir haar, en knipoog. Op laerskool was sy Juffrou Pretorius, by wie Cecile Afrikaans gehad het. Cecile glimlag in haar binneste. Die tannie weet hoe die getikkery op haar spiere werk.

Toe haar ma 'n slukkie tee neem, sit Cecile regop. Daar is wragtag 'n stukkie naellak op haar ma se wysvinger weg. Dis weird.

Haar ma, dié mev. Suzánne Malan van Dealesville, is altyd kalm en in beheer. Sy dink sy is alte sexy met daai sonstrepies in die hare om die grys weg te steek. 'n Ou pruim! En hoogmoedig daarby, veral by oueraande van die skool. Haar ma wou destyds niks weet van enige ander hoërskool as Oranje Meisieskool nie. Cecile het elke trick probeer, maar verniet. Vir haar sou Dealesville Hoër, al is dit die enigste hoërskool in dié dorpie, goed genoeg gewees het. Sy kon, soos op laerskool, met haar fiets



skool toe trap, en ná skool in die veld gaan stap.

Cecile sug. Die bleddie koshuis! Sy moes destyds by die skoolkoshuis in Bloemfontein intrek. Al wat lekker daaraan was, was om nie meer die enigste kind te wees nie, om tussen die ander meisies te verdwyn. Dank Vader oueraande is nou iets van die verlede. Daai tye wanneer haar ma so van bo af met almal gepraat het.

Cecile prewel geluidloos: “Ek is mevrou Suzánné Malan, Cecile se moeder.”

Sy gryp weer die boek, maar loer eers onderlangs na die vroue by die tafel. Tannie Ans lyk opgewonde terwyl haar ma effe terugsit en aan haar kop vat, asof sy ’n hoofpyn het. Die teëltjies voor die tannie is min. Dit lyk of haar ma se vriendin aan die wenkant is. Cecile hoop dit is so; sy wens al lankal dat haar ma ’n bietjie verloor. Voel hoe dit voel. Sy voel seker sleg omdat sy vanoggend so nasty was. Good.

Cecile voel hoe tannie Ans stip na haar kyk, maar haar oë laat sak en ’n sluk tee vat toe Cecile haar oog vang. Die ouer vrou se geblomde bloes, wat Cecile een jaar vir haar by die Aitsa-boetiek help uitkies het, span effe. Die tannie lag altyd so verleë wanneer sy teen haar ma verloor. Die tannie sal nou-nou, ná die beslissende vyfde spel, nog tee gaan maak en haar tuisgebakte koekies uithaal. Cecile lê weer terug in die stoel; sy moet net wag tot die laaste game klaar is, haar tee sluk, en dan kan hulle waai. Sy ruk die kussing agter haar rug uit en stop dit onder haar kop in. Haar nek raak seer. Sy kyk na haar lang bruin bene wat onder die kortbroek uitsteek, loer onderlangs na haar ma en krul haar tone. Die klopping in haar slape begin wyk. Die windjie help ’n bietjie.

Tannie Ans pak die vuil koppies in ’n skinkbord om vars tee te gaan maak, terwyl haar ma die teëltjies langs die boksie rangskik. Die tannie is seker al een wat haar ma verstaan. Vreemd dat hulle ná hul skooljare en anderste lewens steeds saam kuier. Cecile het al gesien hoe hulle ou staaltjies vertel, vir mekaar kyk en dan van die lag uitbars. Dit is asof haar ma ’n masker saam met haar handsak hier op die tafel neersit, maar dit weer optel sodra hulle by die deur uitloop. Die masker wat sy as dorpsraadlid ook by die boekklub, vroueclub en kerk gebruik. Haar ma was meer by klubs as tuis by haar en Paulina. Nou nog, al het Paulina laas jaar in Qwaqwa afgetree.

Tannie Ans se huis is ook soveel anders as hulle s’n. Die gemaklike meubels waarin sy altyd neerplof, is hier vandat Cecile kan onthou. Nadat oom Gert die mure uitgeslaan om meer sonlig in die huis te kry, is dit lekker vrolik.

Cecile hoor teelepels wat teen koppies klink. Dan kom tannie Ans met ’n skinkbord aan. Die tannie sit eers die skinkbord neer en haal die bord met die koekies af. Cecile wikkel haar boude vorentoe op die stoel en spring op. Die vroue drink altyd uit die geblomde koppies. Sy mik na die beker met die swerm voëls daarop, haar beker. Tannie Ans het reeds melk en suiker in haar tee geroer. Terwyl Cecile haar

dolos



tee koud blaas, sien sy nog 'n beker op die skinkbord. Haar ma lig ook 'n wenkbrou oor die beker, maar sê niks. Cecile wil uitvra, maar bedink haar. Die tannie kan soms lang stories vertel, en Cecile het nie vandag tyd vir praatjies nie. Sy vat 'n groot ronde, plat gemmerkoekie uit die bord en druk dit in die warm tee. Sy lig dit versigtig uit, suig die tee bietjies-bietjies uit die beskuitjie, en begin kou. Alles smelt in haar mond en die gemmer brand effe op haar tong. Selfs haar ma het vandag 'n koekie in haar mond. Sy kou net so lekker aan die taaierige, geurige beskuitjies. Hulle het nooit tuisgebakte koekies in hul groot huis nie.

Cecile plak die leë beker neer. "Dankie tannie, dit was lekker."

Die tannie glimlag. Cecile gooi haarself in die leunstoel, en vou haar voete onder haar in. Sy loer na haar ma, en sien sy is besig om in haar handsak te krap. Sy gaan seker weer lipstiffie aansit. Cecile haal die weggesteekte brief versigtig uit die boek. As haar ma dit moet sien, sal daar nog meer stront wees. Sy wikkel haarself dieper in, en vou die brief saggies oop. Dis 'n uitnodiging vir vrywilligers om ses maande lank saam met navorsers en veeartse aan 'n projek in Botswana te werk. Dis wat Cecile wil doen. Sy wil eendag 'n veearts word. Een wat wilde diere dokter.

Sy wou vanoggend haar ma van haar planne vertel, maar toe sy na haar geboortesertifikaat wil soek, het die dag heeltemal ontspoor. Dit het begin skeef loop toe haar ma gesê het dis diep weggepak, maar Cecile het gedink dis 'n liegstorie. Sonder die geboortesertifikaat kan sy nie haar paspoort hernu nie. Noudat sy agtien is, kan sy self aansoek doen. Sy is heilig oortuig haar ma wil dit moeilik maak om 'n paspoort te kry. Hulle het op mekaar geskreeu.

Ai. Miskien moet sy maar net doen wat haar ma sê. BCom Regte swot, trou, kinders kry, en later haar eie ding doen. Nee, flippen hel, dis erg boring. Sy sou vanoggend kastig instem om bietjie later BCom Regte te gaan studeer, en hoop haar ma vergeet uiteindelik daarvan. Dan kan sy intussen saam met die navorsers werk; sommer langer as ses maande bly. Haar oorlede pa sou haar laat begaan het. As hy nie op sakereise of by sy regspraktyk in Bloemfontein was nie, was hy op die tennisbaan of besig met tennistoernooie. Cecile skud haar kop. Hoekom dink sy nou daaraan? As hy meer by die huis was, belang gestel het, kon hy haar tennis leer speel het, nie oom Johan nie. Oom Johan wat haar altyd teen die tennisbaan se draad vasgedruk en oor haar lyf gevoel het. Ag, dis verby, sy vat lankal nie meer tennisslesse nie. Haar pa en ma was verstom toe sy een vakansie met 'n flenters raket by die huis aankom en weier om verder lesse te vat. Sy wat so mal oor tennisspeel was.

Cecile vryf haar oë, dit brand. Sy is bly sy kan eindelijk weggom. Weg van haar alles, haar ouerhuis ... Ouerhuis? 'n Benoudheid stoot in haar keel op. Sy klap die brief in die boek toe en gooi dit op die stoel.

Sy spring op, loop verby die vroue wat vinnig opkyk, en draai in die gang na die badkamer dieper af.



lets op die vloer trek haar aandag. Dis 'n papier wat fladder, dit lyk soos ... nog 'n brief. Haai, het dit van tannie Ans se spieëlkas in haar kamer afgeval en tot in die gang gewaai? Cecile kyk oor haar skouer of iemand haar sien, buk, en tel die brief op. Haar hand bewe, sy kyk weer of iemand haar sien.

Dis in tannie Ans se handskrif. Cecile sluk, en begin lees.

Liefste Suzanne

Ek skryf die brief omdat ek dink dis tyd dat jy Cecile die waarheid vertel oor waar sy vandaan kom, en hom ontmoet. Sy gaan een van die dae uit die huis, en dit sal katastrofies wees as sy dit van iemand anders hoor.

Wat de moer! Cecile voel 'n woede in haar opstoot. Wat de moer steek hulle vir haar weg? Wat moet sy nie van iemand anders hoor nie? Wie moet sy ontmoet? Met ingehoue asem spring haar oë oor die sinne tot in die middel waar die skrif ophou. Die brief is nog nie klaar geskryf nie. Haar hart spring, sy voel lam. Wat de fok? Wat nou? Moet sy maak of sy dit nie gelees het nie? Nee, haar kop klop te veel in haar slape. Sy is verby moerig. Briesend, eintlik. Dalk moet sy met die brief eetkamer toe storm en 'n scene maak? Maar sy het eintlik nie die krag nie, nie ná vanoggend se rusie nie, en nie met die pyn in haar binneste nie. Cecile smyt die brief in die kamer.

Sy probeer so natuurlik moontlik terugloop. Sy tap 'n glas water in die opwaskamer, en leun teen die wasbak terwyl sy klein slukke neem. Sy dwing haar hart om te bedaar. Oop bottels vye wat seker vanoggend ingemaak is staan op 'n toonbank, die deksels langs dit uitgepak. Cecile is lus om alles van die toonbank te klap. Sy haal diep asem. Sy loop terug na die eetkamer en sak op die gemakstoel neer, haar kop in haar hande. Die ouer vroue is gelukkig te besig om oor die nuwe haarkapper te praat as om oor haar te worry. Cecile probeer die woede sluk. Sy staar na die toings van die bont mat op die houtvloer. Waddehel moet sy doen?

Sy skrik haar yskoud toe tannie Ans haar stoel agteruit stoot en opspring. Weet tannie Ans sy het die brief gelees? Maar die tannie mik reguit voordeur toe. Het iemand dan geklop? Cecile is nie lus vir nog mense nie. Fok tog. Hoe gaan sy haar pose hou? Sy hoor hoe die deur kraak toe tannie Ans dit oopswaai. Dan 'n stem, 'n manstem! Die silhoeët van 'n man met 'n cowboyhoed wat byna aan die deurkosyn raak, verskyn. Sy kan nie sy gelaatstrekke uitmaak nie. Toe hy binne is, sien Cecile hy is bruingebrand en het jeans en 'n kortmou-kakiehemp aan. Hy haak sy hoed langs oom Gert se stowwerige hoed op die hoederak. Cecile wil agtertuin toe vlug, maar sy beweeg nie.

Die man soen tannie Ans. Dié kyk ongemaklik oor haar skouer na haar ma. Cecile kyk ook en sien haar ma het skuins in die stoel gedraai. Sy staar na die man terwyl haar bors dein. Sherbit, hier is iets aan die gang, besef Cecile, veral toe haar ma na haar kyk en Cecile 'n uitdrukking sien wat sy nie ken nie. Haar

dolos



ma kyk dadelik weg en laat haar kop sak. Dan keer haar ma haar rug na die man, en tannie Ans sluk aan die koppie tee en sit dit hard op die piering neer.

Cecile sit regop. Sy het haar ma nog nooit só buite beheer gesien nie. Wat gaan aan? Is dit oor die brief?

Tannie Ans lyk ook vreemd. Sy en die man het tot vlak voor Cecile se stoel geloop. Sy maak haar keel skoon. "Cecile, dis my neef Hannes. Dis nou Cecile."

Cecile staar na die omgekrulde tone van die leerstewels en voel eensklaps naar. Oom Johan het by tennisdanse ook sulke leerstewels aangehad, net blinker. Cecile sluk.

"Cielie, Cecile?" Tannie Ans leun bekommerd oor na haar.

"Hallo," sê Cecile bot, en hou haar hande onder haar bobene op die stoel.

Die man trek sy uitgestrekte arm terug tot langs sy sy. Dan praat hy in 'n diep stem: "Aangename kennis, Cecile. Dis gaaf om jou te ontmoet," Hy draai om na haar ma wat nou orent gekom het, en na hom staar. Die stoel is tussen haar ma en die man.

Haar ma se bolip lig effe. "Hi," sê sy. Die ysblokkies klingel in haar stem.

Cecile besef haar ma ken die man, tog vra sy nie hoe dit gaan nie. Tannie Ans kyk van die een na ander, en vryf haar hande.

Hannes lag. "Hallo, Soez. Dit is baie gaaf om jou weer te sien. Jy lyk nog net so goed soos altyd." Hy leun oor die stoel na haar, maar sy het die beweging sien kom en reeds agteruit getree. Hy kug, staan regop, maar kyk steeds na haar ma. Asof sy oë haar nie kan los nie.

Cecile staar weer na daai boots; dwing haarself om weg te kyk.

Tannie Ans trap-trap rond terwyl haar ma haar aangeluur. Hannes draai om, trek 'n stoel uit en gaan sit aan die kop van die tafel. "Ahh Rummikub," sê hy. "Soos in goeie lekker ou dae ..." Hannes knipoog vir haar ma wat weer in haar stoel gesak het. Dié staar hom net uitdrukkingloos aan.

Tannie Ans syg ook neer. Cecile staan van die leunstoel op, en loop aan die ander kant van die tafel om en gaan staan langs tannie Ans se stoel. Weg van daai bootse. Tannie Ans vat haar hand en trek haar af.

"Sit kind, sit nou." Cecile pluk die stoel uit, plof daarin neer. 'n Doodse stilte. Sy hou die spulletjie om die tafel dop, die drie wat so intens na mekaar kyk. Hier is 'n groot fokop. En sy het 'n vermoede dis oor daai brief. En sy wil weet wat hier aangaan.

"Tee vir jou, Hannes?" vra tannie Ans.



Hy knik.

Tannie Ans lyk ongemaklik, en Cecile sien hoe haar ma steeds haar vriendin aangeluur. Maar dan kom Cecile agter dat Hannes na haar staar. Sy skuif op haar stoel. Hy glimlag vir haar, maar sy kyk af.

“Wat soek hy hier?” vra haar ma stuurs. Asof Hannes nie daar is nie.

“Suzanne, dis tyd dat sy weet. Voor sy by iemand anders hoor.” Tannie Ans draai na Cecile en vat haar hand.

Dit gaan beslis oor die brief, besef Cecile.

“Ons gaan nou groot dinge praat, en dit raak jou direk, noudat jy op die punt van die grootmenswêreld staan.”

“Wat moet ek weet, tannie. Is dit oor daai brief? Wat is dit, Ma, wat gaan aan?” vra Cecile.

Haar ma kyk weg.

“Wag kind, wag eers,” paai tannie Ans.

Hier kom dit nou, dink Cecile. Sy voel dit aan. Sy sit haar elmboë op die tafel en vou haar hande in vuiste. Sy stamp met haar voet op die vloer.

“Suzanne, ek wou eers ’n brief skryf, maar toe besluit ek om liewer die bul by die horings te pak,” sê tannie Ans.

Haar ma hyg na asem, spring op en storm kombuis toe. Cecile hoor hoe die sifdeur oopgeruk en toegeklap word. Almal is stil.

Cecile maak haar oë toe. Haar kop is nou verby moer seer. Geen pil sal help nie. Sy hoor tannie Ans praat, en voel hoe sy haar hand op haar been druk sodat sy nie weer haar voet stamp nie.

“Ons wag dat sy terugkom, dan vertel ons alles. Wag net Cielie.”

Cecile voel die ongeduld aan haar hele lyf, hoe haar hart klop.

Tannie Ans tel die teepot op, skink tee in die ekstra beker en stoot dit na Hannes, wat melk en ’n lepel suiker ingooi, maar hy roer dit nie. Hy vat ’n sluk tee en tel ’n koekie op.

Hy kyk na tannie Ans. Wat dink hy? wonder Cecile. Cecile begin weer haar voet stamp. Sy weet tannie Ans gaan niks sê voor haar ma terugkom nie.

“Tannie Ans, sê nou ...”

dolos



“Wag, kind, wag, laat jou ma eers bedaar,” sê tannie Ans en druk Cecile se been.

Hannes maak sy keel skoon, asof hy hulle aandag wil trek. “Hoe gaan dit, Antjie?” vra hy, en doop sy koekie in die tee.

Tannie Ans glimlag effe. “Nee, goed, soos altyd. Vertel my eerder wat op die plaas aangaan. Daar gebeur mos altyd iets interessants by jou.”

Hou tog net op met die small talk en kom tot die punt, dink Cecile. Waar bly jy tog, Ma?

Hannes lag, en suig-suig aan die koekie. Sy kieste maal soos hy kou. Cecile staar na sy mond. “Hmm, so lekker soos altyd. Ja, weet jy. Iets vreemds het gebeur. ’n Hadeda wat al ’n paar dae in die hoë bome sit, het sowaar vanoggend op die stoep ingevlieg en begin nes maak. Daar waar, onthou jy, waar oupa sy pyp gestop het?”

Hy vat ’n paar slukke tee. Dis loutere kak, dink Cecile. ’n Flippen hadeda sal nooit nes maak op iemand se stoep nie. Hadedas slaap in bome. Dink hy ons is simpel?

“Ek kon dit nie glo nie. ’n Hadeda is mos maar ’n wilde ding. Maar die huis is deesdae stiller, so hy voel seker veilig.”

Cecile stik byna. Sy is lus en sê wat sy van die simpel storie dink. Wanneer kom haar ma terug?

“Jy weet, vandat Moira weg is, ag, jy weet, ek hoop sy vind iemand anders, ware geluk. Dit was alles my skuld. Ek hoop die voël is gelukkig op die stoep. Hy moet net sy wyfie onvoorwaardelik liefhê, dis al.”

Tannie Ans knik net.

Cecile rol haar oë. Asseblief. Sy vrou het seker die pad gevat oor sy simpel stories en daai bootse. Cecile skud haar kop.

Hannes staan op en pak die leë koppies en die teepot op die skinkbord. Haar oë volg hom. Sy boots skwiek met elke tree na die kombuis. Wat is dit met die man? Wie is hy? Hoe ken hy haar ma?

Net toe hy by die ingang van die waskamer kom, bars haar ma in die vertrek en stamp teen Hannes, wat die skinkbord uit sy hande laat val. Die koppies en teepot kap hard teen mekaar. Haar ma se gil weergalm so erg dat Hannes skoon weg staan. Die hele spulletjie kletter op die vloer.

Cecile se hart spring. Sy sien hoe haar ma se oë vuur na Hannes spoeg.

Hy vat saggies aan haar ma se voorarm. “Is jy oukei, Soez. Is jy orraait?”

“Los my, los my,” byt haar ma haar woorde af. Sy pluk haar arm weg, ruk dit na agter haar kop. Haar



hand huiwer soos 'n slang in die lug. “Los my uit, jare lank vra ek al, maar nee, jy kry net nie die boodskap nie. Alles is jou skuld.”

“Moenie, Soez,” sê Hannes kalm. Hy vat liggies aan haar ma se skouers, en dié keer doen haar ma niks nie.

Cecile kan haar oë nie glo nie.

Haar ma kyk hom stip aan, laat haar arm sak, loop terug na die eetkamer, ruk die stoel uit en gaan sit. Haar wange is bloedrooi en die maskara streep daaroor.

Hannes trek sy bemorsde bootse en kouse net daar uit, en loop daarmee na die opwaskamer. Hy kom kaalvoet terug, trap oor die skerwe, en kom sit weer. Cecile is verbaas dat niemand, nie eens tannie Ans nie, opspring om te gaan skoonmaak nie. 'n Stilte heers om die tafel. Cecile voel erg benoud. Sy wil iets sê, maar kry nie die woorde nie.

“Wat soek Hannes hier? Moet hy regtig by wees?” vra haar ma dan.

Hannes het langs haar ma kom sit, maar sy maak of hy nie daar is nie. Sonder om vir die antwoord te wag, begin sy weer praat. “My ouers wou net die beste vir my gegee het. Die beste skool, die beste universiteit. Toe vra Renier my om te trou. 'n Man uit 'n goeie familie, my ouers was destyds so tevrede. Dis jammer sy hart het so vroeg ingegee.” Sy snork in Hannes se rigting, haal diep asem en gaan dan voort: “Ek haat myself. Hoe kon ek?” Sy gluur Hannes nou openlik aan. “Na alles wat my ouers vir my gedoen het. Renier ook. Op sy manier. Ek sal myself nooit dié misstap vergewe nie.”

Cecile ruk haar asem in. Misstap? Dit beteken mos ... seks. “Misstap” is die woord wat haar ma gebruik het toe sy haar oor die bye en blomme gewaarsku het. Het haar ma seks met Hannes gehad? Sy, wat haar so aanstel? Cecile spring op. Dis disgusting. Haar ma in die bed met 'n ander man, dié man? Sy gluur haar ma openlik aan.

“Ek was eensaam, maar ek moes van beter geweet het,” sê haar ma floutjies. “Renier wou goed wees, maar hy was net so afwesig. Ag, ek weet nie meer nie.”

Cecile voel lighoofdig. Sy sukkel om die vieslike prentjie van daai bootse langs haar ma se bed uit haar kop te kry.

Hannes sê niks. Hy kyk vraend na sy niggie, wat aan haar ma se hand vat. Tannie Ans begin sag praat: “Suzanne, ek en jy ken sy foute, alte deeglik. Hy het vele meer goeie eienskappe. Hannes het 'n bitter pa, 'n harde kinderlewe gehad, hy moes ook skanse om hom bou. Hy het al die jare iets vir Cecile weggesit. Hy wil sy dogter help om haar drome te bewaarheid.”

dolos



Dogter? Fok. Hoor sy reg? Net toe sy dink sy is vry ... Is Hannes haar regte pa? Pa?

Cecile weet dis waar, want haar ma kyk af, en ontken dit nie.

Cecile sak weer langs tannie Ans neer. Sy het 'n duisend vrae en geen antwoorde nie. Haar kop gaan bars. Sy maak haar mond oop. "Is hy my regte ..."

Tannie Ans druk aan Cecile se been om haar stil te maak en haar stem breek effe toe sy praat: "Wag, Cecile, wag." Sy kyk na haar ma. "Suzanne, as jy haar in 'n rigting dwing soos jou ouers met jou gedoen het, gaan sy eensaam word. Dit is hoekom jy op skool altyd by ons kom kuier het. Jy wou bietjie leef, al het jy voorgegee dat jy jou Christenplig nakom om by die sogenaamde armer gemeentelede te kuier."

Hannes val haar in die rede:

"Dit is waar ek jou by Ans-hulle ontmoet het, Soez. Onthou jy? Hoe ons plate in die sitkamer geluister het as die ou mense Rummikub gespeel het. Almal, jy ook, het graag naweke by oom Louis-hulle gekuier. Jy het altyd geweet hoe ek oor jou voel, al het jy gestry."

Haar ma kyk hom nou aan, en met 'n anderste uitdrukking as nou-nou, besef Cecile.

Tannie Ans kyk ook na Hannes, dan na haar ma. "Julle twee ... jy het hom bemoedig oor sy sadistiese pa ... hy jou oor jou hooghartige ouers. Maar dit was ook meer as dit. Ek weet." Sy skep asem en kyk na Cecile. "Net meer as 18 jaar gelede," sê sy, "met jou pa op 'n oorsese reis, is ek en jou ma en oom Gert op 'n toer deur Namakwaland, waar ons vir Hannes toevallig raakgeloop het. Hy nooi ons toe om by die plaashuis wat hy iewers in die boendes gehuur het te gaan kuier."

Hannes wil haar in die rede val, maar tannie Ans maak hom stil.

Dan praat Cecile se ma: "Die mans het kampvuur gemaak, ons het wyn gedrink, diep dinge gepraat. Hannes se pa was net 'n paar weke dood ... Hy wou sy pa probeer vergewe. Ans en Gert het later gaan slaap, die maan het opgekom. Dit was magies ... ek het salig gevoel ..."

Tannie Ans kyk na haar ma en vertel dan verder: "Dit was 'n aand soos nooit tevore nie. Die volgende oggend, Suzanne, jy was anders, en wou dadelik terugkom." Sy kug en sê dan: "Ek het altyd geweet, Suzanne. Vergewe jouself. Begin leef, anders gaan jy alleen in daai kasarm agterbly wanneer Cecile weggaan. Vertel haar van Hannes. Van julle ..."

Cecile sien haar eie hande bewe. Sy kyk na haar ma, en sien die antwoord in haar ma se oë. Haar ma en Hannes. Haar ma steek haar hand na Cecile uit. Cecile is lus en gryp haar ma aan die keel, maar haar arms is lam. So, hierdie kaalvoet Hannes is haar biologiese pa. Om 'n kampvuur onder die maan. Hulle het haar al die jare bedrieg. Sy kry nie asem nie. Sy wil hier uit. Nou.



Die hadeda op die grasperkie voor die agterdeur vlieg vervaard op en kerm oor die sappige wurm wat agterbly toe die sifdeur toeklap en die jong meisie uitstorm. Tuinvoëls fladder weg en gaan sit op die doringboom se takke in die voortuin. Daar is heelparty vrugtebome in die agtertuin, maar Cecile mik na 'n vyeboom in die regterkantste hoek. Sy klouter na haar gunsteling-mik. Haar kop gons terwyl bye en torre tussen die vrugte in die klam somerse hitte om haar hang.

Sy kyk na die bloedstrepe op haar arms en bene waar die takke haar gekrap het. Is dit haar bloed, wie se bloed is dit? Wie s'n? Die blare en vye spring voor haar. Sy probeer die trane in haar oë wegnip.

Dis toe dat die sifdeur weer kraak. Iemand maak dit stadig oop en Cecile sien hoe Hannes op die trappie by die agterdeur gaan sit. Hoe durf hy? Sy pers haar lippe saam en probeer haarself klein maak. Sy bly roerloos sit.

Hannes wikkel sy voete, rol sy broekspye op en pluk 'n kappertjieblom van die potplant langs hom. Hy draai die stingel tussen sy vingers. Hy bekijk die helderoranje kroon- en kelkblare en dit lyk of hy hom verwonder aan bloedrooi vlekke wat van die hart daarbinne vloei. Hy druk sy neus teen die blom en leun teen die kosyn terug en maak sy oë toe.

Cecile kyk in die boom op om die blou lug te probeer sien. Voëls het aan die ryp vye gepik. Bokant haar het 'n oorryp vy oopgebars, en miljuisende miere krioel gulsig oor die rooi binnekant. Taai sap drupdrup na onder. Cecile gryp, pluk die vy af en gooi dit met geweld neer, sien hoe dit onder haar in stukke spat.

dolos



DOLOS

www.ufs.ac.za